MATIELAND

2·83

Tassenberg

Leef die Tassenberg-lewe

10683

Inhoud

2·83
Jaargang 27 • MATIELAND

Redaksioneel 3
Fokus op 3
'n Kwarteeu gelede 4
Briewe 5
In Memoriam 6
Tuiste vir Maggie Laubscher-skilderye 8
'n Leeftyd se liefde vir kunswerke 9
Byna al Neelsie se dokumente 10
Human lei US-komitee 11
Van ons donateurs 11
Groot tekort aan dié landboukundiges 13
Nuwe graad in staatswetenskappe 14
Spoedlees: 'n deurbraak vir Afrikaans 15
Opleiding in Apteekwese 16
Saamtrekke in Suid-Kaapland 16
Aangestel en bevorder 17
Fisika se Freddie tree af 19
Graan van die toekoms 20
Kanker: 'n nuwe benadering 22
80 000 jaar oopgegrawe 23
Hoog bo die berge 25
Studente se eie perdryklub 26
Kaapland se slimste slimkop 28
Chinese leer Afrikaans om Maties te word 28
Studentetal hoogste nog 29
17 jaar se sendingwerk in Swaziland 29
US blink uit met Wes-Duitse beurse 30
Top-vroueskut 'n Oud-Matie 31
'n Hegte verbintenis 31
Akademie kry nuwe bevelvoerder 33
B.Ing.-honneursgraad afgeskaf 33
Biblioteek oor Marxisme 34
Só het 'Oom Philip' sy koor onthou 35
Atletiekklub betrek Boland Bank-lokaal 39
Nuutste Springbok 39
Hokkieklub se ideaal verwesenlik 40

Groter kunsmuseum bl. 8

Nuwe graansoort bl. 20

Slimste Slimkop bl. 28

Nuutste Springbok bl. 39

Voorblad: ZS-JYU, die Cessna van die Maties se eie vliegklub op 'n vlug in die omgewing van die Eikestad. Lees berig op bl. 25. Foto: Antenie Carstens, Buro vir Universiteitsonderwys, US.

Matieland *word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.*

Redakteur: Hans Oosthuizen

Assistente: Hannatjie van der Merwe

Redaksiekantoor:
Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch
Tel. (02231) 77633; 77639
Teleks: 5720383

Websen Design • Unifoto • ABC Press

Advertensiekantoor, Johannesburg:
Mediamark (Edms) Bpk.
8e Verdieping
Noswal Hall
Stiemensstraat 3
Braamfontein
Posbus 52896
2132 Saxonwold
Tel. (011) 39-3913; 39-3136; 39-2332

Advertensiekantoor, Kaapstad:
Fred Kruger (Edms) Bpk
Monte Carlo-gebou 309
Heerengracht
8001 Kaapstad
Tel. (021) 21-5266; 21-1962
Teleks: 0254

Prof. Cillié en dr. Meyer bied 'n spoedlees-kursus wat dubbel verryk.

'n Video-kursus vir hoër produktiwiteit, beter studie en lewensgehalte.

Om die eise van die moderne wêreld te troef, kan niemand meer op sy kennis van die A B C staatmaak nie.

Tog is dit ironies dat die meeste van ons op laerskool laas 'n leesles gehad het!

Tot dusver, altans.

Die eerste video-spoedleeskursus in Afrikaans is so pas bekend gestel. Dit is so neutvars, interessant en stimulerend dat u huidige leesspoed minstens sal verdubbel. U gaan ook meer inneem terwyl u lees...en soveel meer produktief wees. Wat u maatskappy noodwendig meer winsgewend gaan maak!

Die kursus is saamgestel deur dr. Johann Meyer, leeskursusleier by die Buro vir Studentevoorligting van die Universiteit van Stellenbosch. Die aanbieder is prof. Piet Cillié, ongetwyfeld dié bekendste Afrikaanse joernalis. Sy gesellige en gemaklike optrede verleen fleur aan die kursus en maak daarvan 'n aangename ervaring.

Daar is 8 leereenhede:

Van lesse 1 tot 3 leer u om in sinsnedes te lees, u oogbewegings doeltreffend en ekonomies te beheer, u woordeskat uit te brei, en u maak kennis met die loerleesmetode.

Vanaf les 4 word u onderrig in vluglees en soeklees. U leer ook om u konsentrasievermoë te ontwikkel.

Professor Piet Cillié hoof van die Departement Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch.

In les 7 word studiemetodes behandel. Les 8 is 'n hersieningsles.

U personeel kan nou leer spoedlees wanneer dit almal pas – werkure hoef dus nie op gesette tye tot stilstand te kom nie.

Met 'n eie werkboek, hou elke student gerieflik boek van sy persoonlike vordering. Die werkboek bevat o.a. lees-, begrip- en spoedoefeninge.

U kan soveel mense oplei as u wil teen die koste van een enkele kursus wat in geen opsig verouderd kan raak nie.

Pos slegs die koepon sodat ons u kan toon hoe vinnig en maklik om u 'verlede' af te skud en 'n nuwe tydvak te betree. Met die mees gevorderde spoedleeskursus tot dusver.



Dr. Johann Meyer leeskursusleier, Buro vir Studentevoorligting van die Universiteit van Stellenbosch.

OUDIOVISTA

Aan Oudiovista (Edms) Bpk, Posbus 78805 Sandton, 2146.
Ek stel belang in die potensiaal van 'n Oudiovista Spoedleeskursus. Stuur asb. een van u verteenwoordigers vir verdere inligting. (Of skakel mnr. Piet Pienaar (011) 29-0638/9 of mnr. Gert Bezuidenhout (021) 59-1131.)

Naam .....

Posisie .....

Maatskappy .....

Adres .....

..... Telefoon .....

Versprei vir Oudiovista deur Highgold International.

HIGHGOLD INTERNATIONAL LEARNING SYSTEMS

BERNSTEIN, LOXTON, GOLDING & KLEIN/303/307/L

Redaksioneel

HOËR PRODUKTIWITEIT

Die belangrikste aspekte van 'n ingrypende nuwe subsidieformule vir universiteite is vroeër vanjaar deur die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. Gerrit Viljoen, in die Parlement bekend gemaak. Dit sal waarskynlik van volgende jaar af in werking gestel word.
'n Interessante eienskap van die beoogde subsidiestelsel is dat dit nie bloot op 'n universiteit se getal ingeskrewe studente gebaseer sal wees nie.

Eerstens gaan daar, soos dit gestel is, nie net koppe getel word nie. 'n Student wat byvoorbeeld slegs vir drie van die vier kursusse van 'n graad ingeskryf is, sal slegs drie kwart getel word.

Tweedens – en dit is nog belangriker – gaan geprobeer word om prestasie aan te moedig. 'n Universiteit se getal subsidieerbare studente gaan bereken word op grond van twee faktore: die werklike getal ingeskrewe studente én die getal wat slaag. Elkeen sal die helfte van die krediete tel.

'n Ander interessante vernuwing wat beoog word, is dat elke universiteit 'n bykomende subsidie vir navorsing kan ontvang wat gebaseer sal word op die getal publikasies van sy personeel en studente wat in vaktydskrifte in Suid-Afrika en die buiteland gepubliseer word.

Nog 'n verandering wat in die nuwe subsidiestelsel in die vooruitsig gestel word, is dat daar voorsiening gemaak gaan word vir die koste van 'n universiteit se vaste bates, uitgesonderd die koop of uitbreiding van grond of geboue en die aanbring van verbeterings. Dit sal daartoe lei dat universiteite jaarliks verseker is van 'n vaste bedrag vir die vernuwing van hul toerusting en vaste bates.

Verder word in die vooruitsig gestel om nie die toegepaste wetenskappe doelbewus bo die basiese wetenskappe te bevoordeel nie.

Teen die nuwe subsidieformule – wat voortbou op begrippe wat voorheen deur die sogenaamde Van Wyk De Vries-formule ingevoer is – kan sekere besware ingebring word, soos dat dit steeds te veel klem op getalle in plaas van op prestasie en gehalte lê. Selfs die erkenning wat aan prestasie gegee word deurdat nie net aan ingeskrewe studente krediete vir subsidiedoeleindes gegee word nie, maar ook aan studente wat slaag, kan misbruik word deur akademiese standaarde te verlaag – 'n probleem wat deur die Minister self voorsien is, maar waaroor hy tereg vol vertroue is dat universiteite nie sonder meer hul akademiese integriteit sal inboet nie.

Die beoogde nuwe subsidiestelsel sal egter hopelik voldoen aan die Minister se verwagting dat universiteite se peil verhoog word deurdat produktiwiteit by studente en universiteitspersoneel bevorder word. □

Fokus op . . .

Die eerste meisie wat sedert die ontstaan van die Stellenbosse studentekoerant *Die Matie* meer as veertig jaar gelede die redakteursamp daarvan beklee, mej. Corinne Oosthuizen, 'n honneurstudent in sielkunde, is in 1962 in Londen gebore, waar haar ouers destyds met studiebesoek was. Sy het grootgeword in Pretoria en was in 1979 matriek aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in dié stad.
Een van die redes waarom sy op Stellenbosch wou studeer, is dat haar ma, prof. Jackie Jordaan, 'n Oud-Matie is. Mej. Oosthuizen se vader is oorlede toe sy klein was en haar ma en stiefpa is tans albei professore in sielkunde aan Unisa in Pretoria. Sy volg dus ook wat haar studieveld betref haar ma se voorbeeld, en wil volgende jaar haar meestersgraad in kliniese sielkunde aanpak.
Van haar eerste jaar op Stellenbosch was sy 'n lid van die *Matie*-redaksie, nadat sy redaktrise van haar skool se kwartaalblad was. Op skool het sy ook onder meer vir die eerste span hokkie gespeel, maar deesdae is daar min tyd

vir ander bedrywighede, want as redaktrise van *Die Matie* is sy waarskynlik een van die besigste studente op die kampus. Sy geniet dit egter en is vol geesdrif vir dié taak waardeur sy help om "die deursnee-student se belangstelling in die gebeure op die kampus rondom hom en in die wyer wêreld buite die Universiteit te help gaande maak."

• Nie net sy het nuus gemaak deur as meisie in die redakteursamp aangestel te word nie. *Die Matie* was self vroeër vanjaar in die nuus toe 'n monstervergadering (sonder sukses) belê is om die redaksie oor die vingers te tik. Dit was egter nie die eerste keer dat so iets gebeur het nie. In 1942 (die jaar net ná die ontstaan van *Die Matie*) het 'n monstervergadering daarop aangedring dat die blad in die ban gedoen word "aangesien dit 'n gees van tweedrag onder die studente saai."

Die blad is in 1946 selfs gestaak, maar het in die volgende jaar in sy huidige vorm as tweeweeklikse studentekoerant, uitgegee deur die Studenteraad, herleef. □

'N KWARTEEU GELEDE

— Berigte wat in die Augustus 1958-uitgawe van Matieland verskyn het

Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, vertrek in Augustus na Kanada om die Konferensie van die Universiteitshoofde van die Statebondslande by te woon.

Hierdie Konferensie wat in die eerste week van September in Montreal plaasvind, is die vyfjaarlikse vergadering van die Universiteite wat lede is van die Assosiasie van Universiteite van Statebondslande.

'N SKAKEL met die tradisieryke verlede is verbreek met die heengaan op 1 April 1958 van prof. G. G. Cillié, snr., die bekendste onderwyspersoonlikheid in die land wat 'n onberekenbare invloed op die groei en ontwikkeling, die administrasie en beoefening van die onderwys in Suid-Afrika gehad het.

Geslagte van studente in die Fakulteit van Opvoedkunde aan ons Universiteit sal hom onthou as dosent en raadgewer, soos onderwysers oor die hele land hom as leidsman in en voorvegter vir hulle beroep sal onthou en huldig. Sy menslikheid, genaakbaarheid en droë humorsin was van die treffende persoonlikheidskenmerke wat sy oudstudente bybly, soos sy deeglikheid, toewyding en ernstige prinsipiële standpunt in sy wetenskaplike werk hulle eerbied en bewondering afgedwing het.

Die hele Universiteit was diep geskok deur die tragiese heengaan van drie studente. Emil Paquet, Danie Swanepoel en Willie van Heerden, in 'n motorongeluk op die vooraand van vanjaar se Intervarsity. Baie berigte hieroor het reeds in die koerante verskyn. Die ongleuk het 'n skaduwee gewerp op die Intervarsity waarna al die studente en vriende van die twee universiteite so verwagtend uitgesien het. 'n Gesamentlike Roudiens in die Nuwe Kerk is deur een van die plaaslike leraars, ds. J. S. Gericke wat ook Vise-Kanselier van die Universiteit is, gelei. 'n Groot skare van studente het opgekom om die laaste hulde aan hulle verongelukte maats te betuig. Prof. J. P. Duminy, Prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad het die diens bygewoon en namens sy Universiteit meegevoel betuig. Hy het gesê dat die twee susteruniversiteite heg verbind is in die skaduwee van hierdie treurspel.

Deur die welwillendheid van mevrou M. M. Marloth en haar seuns is die fotografiese negatiewe, 'n groot aantal foto's, die oorspronklikes van die kleurprente in die "Flora of South Africa", 'n groot aantal boeke, en artikels, briewe en uitknipsels wat handel oor wyle prof. dr. Rudolf Marloth aan die Universiteit geskenk.

Rudolf Marloth was teen die einde van die vorige eeu en die begin van hierdie eeu verbonde aan die ou Victoria Kollege en die Landboukollege en was van 1889-1892 professor in Chemie en Eksperimentele Fisika. Hy was die persoon wat die eerste klasse in Plantkunde vir na-matriekstudente in Stellenbosch gegee het. Wyle generaal J. C. Smuts was een van sy studente in Plantkunde.

'N BESONDERE geleentheid aan die einde van die eerste semester was die Konservatorium se aanbieding van die opera "Dido en Aeneas" van die Engelse komponis Purcell. Mnr. Robert Mohr het die stuk in Afrikaans vertaal en hy was ook die produksie-leier. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die Konservatorium dat hier 'n ernstige opera opgevoer is en waarin net van plaaslike talent gebruik gemaak is. Jare gelede, in die dae van prof. Hans Endler, is dikwels operettes opgevoer, maar 'n opera is darem nie aangedurf nie. In 1951 is daar laas 'n operette deur die Konservatorium opgevoer.

Ten spyte van die beperkte geriewe van die Konservatoriumsaal het die décorontwerper, mnr. Limpie Basson, op vindingryke wyse illusie geskep wat baie bygedra het tot die sukses van die onderneming. Alle eer kom die dirigent, mnr. Leo Quayle, toe: onder sy sensitiewe artistieke leiding het die Konservatorium-strykorkes getoon dat hulle 'n klein maar kompakte en uiters doeltreffende groep geword het.

□

BRIEWE

Wie kan só 'brag'?

Dr. Gerrit Viljoen, Ficksburg:

Baie dankie vir Matieland. Ek en my vrou – wat ook 'n Oud-Matie is (my oudste seun is tans 'n Matie) – geniet elke uitgawe.

Behalwe dat ons met trots vervul word oor die prestasies van ons ou Alma Mater, is dit ook aangenaam om iets oor bekendes te lees of selfs hul foto's te sien.

Prof. De Vries was besig met sy M. Sc. toe ek in 1954 as eerstejaartjie in Dagbreek was, waar hy ook inwoner was. Hy het toe reeds respek afgedwing maar was nogtans baie gewild onder die eerstejaars. Op die foto's van prof. De Vries het hy baie min verander – trouens, sy hare is nog net so min soos 29 jaar gelede. Wat ek egter nie kan kleinkry nie, is waarom Dirk Swart se hare reeds spierwit is (of het hy ook soos ek 'n wit haar gekry vir elke versoeking wat hy weerstaan het.)

Die ander dag sit ek in my kantoor en kyk na ons klasfoto (finale jaar B. Sc. Agric. 1957) en toe wonder ek waar 'n paar van die ou geeste hulle tans bevind.

Mnr. C. J. de Jager (middel, voor) van Hermanus het dié foto gestuur van hom en sy vier kinders wat soos hulle pa Maties geword het. Hulle is, van links af, Greta, wat verlede jaar B.Sc. (met onderskeiding in botanie) verwerf het; Strauss, 'n dienspligtige, wat voorverlede jaar lisensiaat in die teologie *cum laude* behaal het (en vroeër B.A. ook "ge-*cum*" het); Nils, onderwyser op Graaff-Reinet, wat in 1979 in die handelswetenskappe afgestudeer het; en (inlas) Jaco, tans B. Comm.-student en inwoner van sy pa se ou koshuis, Dagbreek. Mnr. de Jager (snr.) het B.A. (1949), S.O.D. (1950) en B.Ed. (1965) aan US verwerf.

Graag wil ek egter ná 25 jaar "groot brag" hou met ons ou klomp. Ongelukkig is ek nie presies seker hoeveel van ons daardie jaar graad "gevang" het nie (ek dink ons was 34), want ons verskyn nie almal op die klasfoto nie.

Van dié wat wel op die klasfoto verskyn, het veertien doktorsgrade behaal, terwyl een Springbokrugbykaptein geword het (Abe Malan) en een junior-Springbok (Kid du Preez). Laasgenoemde is tans hoof-voorligtingsbeampte in die Karoo.

Van die bekendes wat doktorsgrade verwerf het, is prof. Jan Giliomee wat aan US verbonde is, dr. Pieter-Rene Morkel, hoofbestuurder van Volkskas, dr. Lourens de Bruin en prof. Almero de Lange, albei verbonde aan UOVS, dr. Barbara von Wechmar, wat aan UK verbonde is en tans 'n aktiewe rol speel in die bekamping van die Russiese Koringluis, dr. Johan Burger, direkteur van die wynbou-instituut, dr. Jacob Deist, grondkundige van dieselfde instituut, terwyl drr. Snyman en Van Heerden groot geeste in die Landbou-departement is.

Dit is interessant dat die meeste van ons doktorsgrade in agronomie gekry het terwyl die res elk in afsonderlike vakke gespesialiseer het. Ek self was byvoorbeeld die enigste wat in die Veekunde gespesialiseer het.

Van die vier wat hul grade cum laude *verwerf het, het slegs een (dr. Morkel) hom nagraads bekwaam. Joa Louw – die slimste – is nie net 'n goeie boer nie, maar dien op die direksies van verskeie rade. Francois Lourens, die ander slimkop, is 'n groot gees by Triomf en speel glo die banjo nog net so lekker soos die dae toe hy in oom Pietie le Roux se boere-orkes gespeel het. Jennifer Wood, die enigste dames-*cum laude, *het gaan trou pas ná haar studies en nie aktief aan die landbou deelgeneem nie.*

Nou wonder ek net of daar voor of ná 1957 'n B. Sc. Agric-klas was wat tot dieselfde mate "groot brag" kan hou?

VSA-lesers geniet blad

Mev. M. Potgieter, Monumentpark, Pretoria (voorheen van Urbana, Illinois, VSA):

Ná byna drie jaar van studie in Amerika is dit uiteindelik tyd om huiswaarts te keer. Die gereelde aankoms van Matieland het baie bygedra om hierdie tyd te veraangenaam en my in kontak te hou met die interessanthede van my Alma Mater. Baie dankie vir 'n uitstekende nuusblad.

Derek J. Hamlin, Shands Teaching Hospital and Clinics, University of Florida, Gainsville:

I very much enjoy reading Matieland – in particular I like to keep abreast of recent academic appointments and academic achievements from Stellenbosch.

I was house officer at Karl Bremer Hospital during 1969, was a clinical assistant in radiology at Tygerberg 1972-1976 and then was consultant in radiology until 1977. I am now Associate Professor of Radiology at The University of Florida and I am chief of Oncologic Radiology and Director of Body Computed Tomography.

A unique personality

Dr. Vernon Brink, Piketberg:

The death of Dr. E. G. Malherbe has deprived us of one of our most distinguished fellow-Maties. He was a brilliant student, who later reached outstanding achievement as an educationist.

In recognition of his outstanding abilities he received world-wide acclaim and was awarded no fewer than ten honorary doctorates (from Sydney, Cambridge, Queens, Melbourne, Mc Gill, Cape Town, Natal, Rhodes, Wits and St. Andrews), but was regrettably not thus honoured by his own Alma Mater.

His publications were legion, notably a textbook on education in South Africa. Ernie was indefatigable in reading, research, in pursuit of his innumerable friendships and in exercise (especially swimming and golf), but it rests with his uncanny friends to remember the humourous and cheerful Ernie and his very characteristic and enduring loyalty to family, friends, to his ideals and to his beloved country. He was timeless and seemed indestructible.

Fluent and erudite in English, but always obviously and essentially an Afrikaner, he was a unique personality.

SR beplan 'n argief

Hendrik Verwoerd, sekretaris van die Studenteraad, US:

Die Studenteparlement van die Universiteit van Stellenbosch het besluit dat die Studenteraad 'n argief op die kampus moet inrig waarin so 'n wye spektrum as moontlik van studentebedrywighede oor die jare heen uitgebeeld word.

Ek wil graag alle huidige en oud-Maties versoek om hiermee te help deur enigiets wat deel uitgemaak het van hul studentebedrywighede hier op Stellenbosch en wat in so 'n argief opgeneem kan word aan my te stuur. Dit sal ook baie help indien u my die name en adresse van persone wat so 'n bydrae kan maak, kan voorsien.

Ons wil graag deur die inrig van so 'n argief 'n vertoonvenster skep van wat alles deur die jare op Stellenbosch gebeur het, sodat besoekers nader kennis met Matieland kan maak en oudstudente hul herinneringe en wedervaringe met ander kan kom deel. □

IN MEMORIAM

MATIELAND het met leedwese verneem van die afsterwe van die volgende Oud-Maties en Maties:

Prof. C. R. Liebenberg (75), afgetrede dekaan van die Fakulteit van Landbouwetenskappe aan US. As Matie gedurende 1929-1933 het hy M.Sc. en S.O.D. verwerf. In 1941 het hy dosent en navorser aan die Landboukollege Elsenburg geword en in 1954 US se eerste hoogleraar in die pluimveekunde.

As dekaan van landbouwetenskappe gedurende 1968-1973 was hy grootliks verantwoordelik vir die fakulteit se sogenaamde "inlywing" by die Universiteit.

Dr. Arnold van Wyk (67), toonaangewende Suid-Afrikaanse komponis en afgetrede dosent aan US se Konservatorium, is ná 'n kort siekbed oorlede.

Hy het grootgeword op Calvinia en het op Stellenbosch gematrikuleer. Ná 'n kort studietyd aan die Konservatorium het hy in 1938 'n beurs verwerf om aan



Wyle prof. Liebenberg

die Royal Academy of Music in Londen te studeer. Voordat hy byna tien jaar later na Suid-Afrika terugkeer, onderskei hy hom as pianis en komponis en verower verskeie beurse en toekennings.

In 1949 het hy musiekdosent aan UK geword. Van 1961 tot met sy aftrede in 1978 was hy dosent op Stellenbosch.

Onder die toekennings wat hy gekry het, is 'n erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1949. Eredoktorsgrade is deur die universiteite van Kaapstad (1972) en Stellenbosch (1981) aan hom toegeken.

Dr. Van Wyk se werke word gereeld in konsertsale en oor die radio uitgevoer – ook in die buiteland. Hy was die eerste Suid-Afrikaner wat internasionale status aan die land se komposisiekuns verleen het.

Prof. J. A. (Andreas) Wiid (89), wat tot met sy aftrede in 1958 meer as dertig jaar geskiedenisdosent op Stellenbosch was. Hy was die Universiteit se oudste lewende oud-professor.

Ná sy studentejare op Stellenbosch het

hy 'n doktorsgraad in München verwerf. Sy lewendige belangstelling in die politiek het daartoe gelei dat hy talle politieke leiers, soos drr. D. F. Malan en H. F. Verwoerd, goed geken het. Hy was mede-redakteur van die omvattende werk *Geskiedenis van Suid-Afrika.*

Mnr. Bernard Rens (59), 'n WP-skut en vise-hoof by die Hoërskool Settlers in Bellville, is in Junie ná 'n lang siekbed aan 'n hartaanval dood, minder as 'n maand voordat hy sou aftree. Hy het

Wyle dr. Van Wyk

B.Sc. (in 1943) en S.O.D. (1944) aan US verwerf.

Mev. G. M. Harte (gebore Smedley-Williams) (76) van Port Elizabeth. Sy was in 1939 'n eerstejaarstudent op Stellenbosch.

Dr. A. J. (Alfred) Groenewald (76), afgetrede Transvaalse onderwysman, is dood in die Strand, waar hy gewoon het. Hy het B.A. (1928) en S.O.D. aan US verwerf voordat hy aan UP en die Columbia-universiteit, New York, verder gestudeer het.

As eerste hoof van die Transvaalse Onderwysdepartement se Onderwysburo was hy landwyd bekend vir sy navorsing en koersaanduiding vir die provinsie se onderwys. Later was hy dosent aan UP en toe inspekteur-psigoloog van die Transvaalse Onderwysdepartement.
Hy was 'n broer van die teoloog en afgetrede US-dosent, prof. E. P. Groenewald.

Mnr. Victor Holloway (57), kunsredakteur van *Die Burger* en een van Suid-Afrika se bekendste koerantmanne, wat ná 'n lang siekte oorlede is. Hy is op Stellenbosch gebore en was lid van 'n bekende Eikestadse familie. Ná sy skoolopleiding aan die Paul Roos-gimnasium het hy sy universiteitsopleiding aan US ontvang, waarna hy in 1946 lid van *Die Burger*-redaksie geword het. Hy was 'n sportjoernalis vir 23 jaar, 17 daarvan as *Die Burger* se sportredakteur. In 1970 het hy kunsredakteur geword in die plek van prof. W. E. G. Louw wat 'n aanstelling as hoogleraar in Afrikaans en Nederlands op Stellenbosch aanvaar het.

Mnr. Holloway het in 1975 die Setlaarsprys vir voortreflike joernalistiek verwerf. Die SA Instituut vir Argitekte het hom in 1977 vereer met 'n prys vir sy bydrae tot die bevordering van die belange van argitektuur in Suid-Afrika.

Mnr. P. J. Becker van Huis Vergenoegd in die Paarl is vroeër vanjaar oorlede. Hy was eerstejaar in 1922 en het B.A. en S.O.D. aan US verwerf.

Mev. S. B. (Tes) Sandenbergh (gebore Feenstra) van Elarduspark, Pretoria, wat gedurende 1932-1934 aan US gestudeer en B.Sc. verwerf het. Sy was die eggenote van ds. H. A. Sandenbergh, wat in 1966 op Lambton afgetree het.

Dr. Willie Visser (65), Oud-Matie en seun van die digter A. G. Visser, is vroeër vanjaar ná 'n kort siekbed op Brakpan, waar hy agtien maande tevore afgetree het, oorlede. Hy was 16 jaar lank die hoof van studente-inligting aan UPE.

Mnr. Hannes Schreuder (55), ingenieur van die Kaapse Afdelingsraad, is in sy strandhuis op Sandbaai aan 'n hartaanval dood. Hy was eerstejaar in 1946 en het in 1953 as siviele ingenieur aan US afgestudeer.

Mnr. G. H. T. Beukes van Vredendal, wat in 1945 B. Comm. aan US verwerf het, is in Mei vanjaar oorlede.

Mnr. F. W. J. Snyman (65) van die Hoër Landbouskool op Jacobsdal. Hy het in 1940 'n graad in die landbouwetenskappe op Stellenbosch verwerf.

Mnr. J. S. B. Marais, wat in 1923 'n eerstejaar-Matie was en M.A. in 1927 verwerf het. Sy vrou, Elizabeth (gebore Goedhals), wat saam met hom aan US gestudeer het, is in 1970 oorlede.

Mnr. C. H. du Toit, Transvaalse veteraan-onderwyser, wat in 1972 ná 'n halfeeu ononderbroke diens as onderwyser afgetree het. Hy is in 1898 op Calvinia gebore en was gedurende 1919-1921 'n Matie. Hy het aan die einde van sy lewe op Stellenbosch by sy dogter mej. Nellie du Toit, die bekende sopraan en sangdosent aan die Konservatorium, gewoon.

Wyle prof. Wijd

Kapt. R. H. Liebenberg (26), wat gedurende 1977-1979 in die krygskunde aan US gestudeer het, was in Mei vanjaar een van die slagoffers van die bomaanval in Pretoria.

Mnr. Kenneth Sinclair (22), 'n US-student in die opvoedkunde, is op Stellenbosch in 'n padongeluk dood. Sy vader, mnr. M. Sinclair, 'n oud-Matie, was 'n Kaaplandse LPR.

Mnre. Darryl Roberts (22), 'n handelstudent in sy eerste jaar, en **Urbanus Vermeulen** (19), 'n ingenieurstudent in sy tweede jaar, is onderweg na hulle ouerhuise vir die wintervakansie in 'n ongeluk tussen Lainsburg en Beaufort-Wes dood. Albei was inwoners van Simonsberg.

Mnr. Rodgers was van Postmasburg en mnr. Vermeulen se vader boer naby Hartswater.

Mnre. Leon Kotzé (24) van Worcester, 'n handelstudent, en **Conrad Groenewald** (18) van Villiersdorp, 'n student in die geneeskunde, het ook in padongelukke gesterf. □

Biblioteekgebou voltooi

DIE Universiteit se nuwe J. S. Gericke-biblioteek is teen die einde van Julie amptelik deur die bouer, LTA Building (Kaap), aan prof. Mike de Vries (regs), Rektor en Vise-Kanselier, oorhandig. Hy ontvang hier die sleutel van die argitek, mnr. Attie Harris. Die verskuiwing van die huidige Carnegie-biblioteek na die nuwe gebou sal die einde van die jaar afgehandel wees. Rakke en meubels word deur verskeie kleiner kontrakteurs voorsien.

Die biblioteek is in sy geheel ondergronds op die Jan Marais-plein op die kampus opgerig. LTA se kontrak vir die gebou was die grootste enkele een wat nog deur die Universiteit toegeken is.

Die J.S. Gericke-biblioteek se binneruimte beslaan meer as 17 000 vierkante meter. Daar sal onder meer studeertafels en sitplekke vir sowat 1 400 studente wees. □

KUNS

Tuiste vir Maggie Laubser-skilderye

Die herontwikkeling van die anneks van die Universiteit se kunsmuseum in Dorpstraat het reeds begin en van die Maggie Laubserskilderye wat aan die Universiteit geskenk is, gaan in die toekoms hier uitgestal word.

Maggie Laubser, wat in 1973 oorlede is, het al haar skilderye aan die Universiteit bemaak. Ná haar dood is meer as honderd van haar werke, sommige op doek en ander op karton of papier, in haar motorhuis gevind.

In hierdie werke kan die begin van baie van haar bekendste werke gesien word. Sommige weerspieël vroeëre vorms, ander eerste en tweede pogings of net die vlugtige kleurskets van 'n tema.

Die Universiteit het reeds teen die einde van 1974 die anneks, wat wes langs die kunsmuseum geleë is en vroeër as vendusielokaal gebruik is, aangekoop met 'n bedrag wat onder meer verkry is met die verkoop van mej Laubser se huis in die Strand. Boland Bank en die Stellenbosse nyweraar dr Anton Rupert het ook groot bedrae geld hiervoor geskenk.

Wanneer hierdie gebou en sy omgewing opgeknap en ontwikkel is, sal dit 'n waardevolle bate vir die Universiteit en die publiek wees.

Prof. Larry Scully, hoof van US se Departement Beeldende Kunste, by "Nagmaal," 'n foto deur die gevierde Amerikaanse fotograaf Constance Stuart Larrabee, wat deel was van haar uitstalling vroeër vanjaar in die Universiteit se kunsmuseum. Dié merkwaardige fotograaf is in Pretoria gebore en woon sedert 1949 in Amerika, waar van haar foto's in die Family of Man-versameling in die Moderne Kuns-museum in New York uitgestal is. Sy was Suid-Afrika se eerste vroulike oorlogskorrespondent.

'n Gebrek aan geld dwing die Universiteit om die werk in verskillende fases te laat doen. Om 'n begin te kon maak, het die Universiteitsraad R25 000 vir die aanbring van noodsaaklike strukturele veranderinge bewillig.

Die Vroueverenigingen van die Universiteit het onderneem om geld in te samel om tot die herontwikkeling en die inrigting van die anneks by te dra.

Mev. Elsabé Botha, voorsitster van die Universiteit se Vroueverenigingen, wat onlangs 'n tjek vir R10 000 aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, oorhandig het as bydrae tot die herontwikkeling van die kunsmuseum-anneks.

Prof Larry Scully, hoof van die Departement Beeldende Kunste by die Universiteit en direkteur van die kunsmuseum, sê die eerste fase van die herontwikkeling behels die inrig van stoorplek en 'n binnehof word ook beplan.

Verlede jaar is reeds begin met die bou van 'n verbindingsgang tussen die museum en die anneks. Die kunsmuseum – wat eers die Lutherse kerk op Stellenbosch was en later deur 'n handelsonderneming gebruik is – lok jaarliks talle besoekers.

Die vyftig beste foto's van Constance Stuart Larrabee is onlangs in die museum uitgestal.

Prof Scully sê van Maggie Laubser se skilderye sal in die anneks uitgestal word en soms sal ander kunswerke van die universiteitsversameling ook hier te sien wees. Vir groot uitstallings sal die museum en die anneks gebruik word. □

'n Leeftyd se liefde vir Kunswerke

'n OUD-MATIE wat in 1924 op Stellenbosch afgestudeer het, mej. M. I. Murray (84) van Somerset-Wes, het haar waardevolle versameling skilderye wat sy 'n leeftyd lank bymekaargemaak het, in bruikleen aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Sy is einde Julie oorlede.

Die twintigtal skilderye – wat werke van Pierneef, Gregoire Boonzaier en Jean Welz insluit – word nou in die voorportaal van die Carnegiebibilioteek uitgestal.

Mej. Murray, 'n afgetrede dosent in opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad, het tot verlede jaar in Azaleahof op Stellenbosch gewoon. Vroeër in haar loopbaan was sy vier jaar verbonde aan die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch en daarna ses jaar aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad.

Sy was een van 'n gesin van nege kinders wat almal aan die Universiteit van Stellenbosch en sy voorganger, die Victoria-kollege, gestudeer het. Hulle was die eerste om die Universiteit se beurse vir ses kinders uit dieselfde gesin aan US te verwerf. Van haar susters wat nog leef, is mev. (prof.) H. P. Malan van Somerset-Wes en mev. (prof.) Gawie Cillié van Bloemfontein.

Mej. Murray was eerstejaar aan die Victoria-kollege in 1918 toe die kollege universiteitstatus gekry het.

Vandat sy in die twintigerjare die eerste keer 'n salaris verdien het, het sy haar spaargeld gebruik om die keurige versameling werke van Suid-Afrikaanse kunstenaars bymekaar te bring. Die kunstenaars Maggie Laubser, Irma Stern, Appie van Wyk, J. A. Smith, Paul du Toit, Enslin du Plessis, Stanley Pinker en Elise Bodley is ook in die versameling verteenwoordig.

Mej. Murray (middel) en twee van haar susters, mevv. Helen Malan en Suzie Viljoen van Somerset-Wes, by een van die skilderye in die Carnegie-biblioteek. Dit is 'n olieverf-stillewe van Jean Welz.

Naas haar baanbrekerswerk as lid van die Kaapstadse Amateur-toneelvereniging (die KAT) het sy ook naam gemaak as skryfster, onder meer van *Uit die dagboek van 'n predikantsvrou*, *Die witwater se mense* en 'n bundel kortverhale, *Die gerf*.

Dit was mej. Murray se hartsbegeerte dat haar "kinders" – soos sy na haar kunsversameling verwys – deur haar Alma Mater en vir die publiek uitgestal moet word. □

Byna al Neelsie se dokumente

Stellenbosch kry selfs dié wat Langenhoven verbrand wou hê!

In sy testament het C. J. Langenhoven bepaal dat "minstens meer as die helfte" van sy dokumente deur sy Alma Mater, die Universiteit van Stellenbosch, in bewaring gehou moet word. Vroeër vanjaar, meer as vyftig jaar ná sy dood, is feitlik al sy dokumente deur die Langenhoven-trust aan die Universiteit oorhandig.

Dié waardevolle versameling is in die Universiteit se dokumentesentrum opgeneem en word nou deur biblioteekpersoneel van die Universiteit georden om vir navorsing toeganklik gemaak te word.

Talle ongepubliseerde werke van die groot Afrikaanse skrywer en digter is deel van die versameling. Daar is ook talle briewe, koerantknipsels, foto's en ander persoonlike stukke. Een van die waardevolle dokumente is *Die Stem* in Langenhoven se eie handskrif – waarskynlik die oorspronklike weergawe.

Van sy gepubliseerde werke is daar 24 finale manuskripte, onder meer dié van *Mof en sy mense* saam met die voorlopige kladskrif.

"Daarmee het Langenhoven en mej. Sarah Goldblatt die belofte nagekom wat Langenhoven in *U dienswillige dienaar* gemaak het – om so 'n stel na te laat sodat studente kan sien hoe noukeurig hy sy eie werk geskaaf het," het mnr. Jan Scannell, 'n bekende in Kaapstadse uitgewerskringe en sekretaris van die Langenhoven-trust gesê toe hy die dokumente aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, oorhandig het.

Talle van die dokumente moes verbrand gewees het, soos Langenhoven dit wou gehad het, het mnr. Scannell gesê. "Maar as mej. Goldblatt gemeen het dat Langenhoven dit so sou verkies het, sou sy dit gedoen het, en ek meen sy het geweet wat Langenhoven se werklike wense was."

Prof. De Vries het met die ontvangs van die dokumente gesê Langenhoven het 'n besondere betekenis aan sy verbintenis met Stellenbosch geheg. Die ere-doktorsgraad waarmee sy Alma Mater hom vereer het, was 'n hoogtepunt in sy lewe.

Dit is immers Langenhoven wat oor Stellenbosch geskryf het: "My ou uni-

Met die oorhandiging van die Langenhoven-dokumenteversameling aan die Universiteit kyk mnr. Jan Scannell (links), sekretaris van die Langenhoven-trust, hier saam met prof. Guillaume Brummer, Langenhoven se kleinseun en voorsitter van die trust, prof. Mike de Vries en mnr. Flooi du Plessis, hoofbibliotekaris van US, na een van die dokumente, 'n D. C. Boonzaier-spotprent waarop Langenhoven uitgebeeld is.

versiteit – my enigste kraal! Ons word oud; ons onsterflike moeder bly jonk om die jonges en die oues in een band saam te bind vir die ontsaglike groot werk in Suid-Afrika waartoe Stellenbosch by uitnemendheid geroepe is."

Langenhoven se kleinseun, Oud-Matie prof. Guillaume Brummer, 'n wiskundedosent by UK en voorsitter van die Langenhoven-trust, het met die oorhandiging gesê hy vertrou die Universiteit sal die dokumente versorg in die gees van Langenhoven se grafskrif: "Soek nie sy verdienste na te gaan/ – sy swakhede te delf uit hierdie grot/ – albei rus daar waar vrees met hoop bestaan;/ die boesem van sy Vader God." □

FONDSINSAMELING

Human lei US-komitee

Mnr. C. J. F. (Kerneels) Human, voorsitter van onder meer Federale Volksbeleggings, voormalige president van die Afrikaanse Handelsinstituut en ere-professor in besigheidsbestuur en administrasie by US se Nagraadse Bestuurskool, is die nuwe voorsitter van die Universiteit se fondsinsamelingskomitee vir maatskappye in Johannesburg.

Mnr. Human volg mnr. J. D. J. (Jan) de Necker op, wat binnekort uit Johannesburg verhuis om in die Paarl te woon. Mnr. De Necker het verskeie jare leiding geneem met die Universiteit se fondsinsameling onder maatskappye in Johannesburg. Hy is onder meer voorsitter van die Veka-groep, 'n direkteur van Wesco-Beleggings, Toyota SA en verskeie ander maatskappye, asook voormalige president van die Afrikaanse Handelsinstituut.

Mnr. De Necker is steeds voorsitter van die Raad van Trustees van US se belangrikste reserwefonds, die Eeufeestrustfonds.
Mnr. Human beklee naas die voorsitterskap van FVB ook dié van Sentrachem, Siemens, SA Druggists en Fedfood. Hy is 'n direkteur van verskeie ander maatskappye.

Die ondervoorsitter van die US-fondsinsamelingskomitee vir maatskappye in die Goudstad is mnr. Marius de Waal, besturende direkteur van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie. Hy is ook onder meer ondervoorsitter van die Rand-waterraad en voorsitter van die maatskappye Atlantis-Dieselenjins en SA Mikro-elektroniese Stelsels.

Mnr. Human

Mnr. De Necker

Mnre. De Necker, Human en De Waal is Oud-Maties. Al drie dien in die Universiteitsraad. □

Van ons donateurs

Mnr. Chris Franken *(middel) het die Irvin & Johnson-prys vir 1982 se beste tweedejaarstudent in bedryfsingenieurswese ontvang. By hom is Irvin & Johnson se groeppersoneelbestuurder, mnr. J. Maltez, en prof. H. C. Viljoen, dekaan van ingenieurswese.*

Die prys van R1 000 is vanjaar die eerste keer toegeken, vir prestasies verlede jaar. Dit sal voortaan nie net dien as aansporing tot akademiese prestasie nie, maar help om bedryfsingenieurswese onder die aandag van studente en voornemende studente te bring. Suid-Afrika het 'n groot tekort aan bedryfsingenieurs.

Mnr. Franken het in 1980 met 'n gemiddelde A-simbool aan die Hoërskool Strand gematrikuleer en in sy eerste en tweede studiejare aan US ses onderskeidings behaal.



Hierdie foto's is geneem by gebleenthede waar donateurs self hulle skenkings vir die STELLENBOSCH 2000-fonds oorhandig het.

Mnr. André Wolfaardt *(regs), besturende direkteur van Protea Holdings in Kaapstad, wat namens sy maatskappy R3 000 vir Stellenbosch 2000 aan mnr. Henry Visser, US se assistent-direkteur van Ontwikkeling, oorhandig het.*

Mnr. Bunny Baker *(tweede van links), die Allied-Bouvereniging se streekbestuurder in Wes-Kaapland, het die vereniging se bydrae vir Stellenbosch 2000 aan mnr. Andries van Tonder, adjunk-registrateur van finansies by die Universiteit, oorhandig. Mnre. Willem Steenkamp, Allied se takbestuurder op Stellenbosch, en Martin Robarts, bestuurder van die bouvereniging se tak op Somerset-Wes, is ook op die foto.*

Mnr. Hans Blersch *(links), senior vennoot van Ninham Shand in Kaapstad, het die eerste paaiement van 'n skenking van R10 000 aan prof. Abel Coetsee, hoof van die Departement Siviele Ingenieurswese by die Universiteit, oorhandig.*

Mnr. Ralph Cluver *(regs), direksievoorsitter van die SA Permanente Bouvereniging se tak op Stellenbosch, het namens die bouvereniging 'n aandelesertifikaat ter waarde van R4 000 as bydrae tot Stellenbosch 2000 aan mnr. Piet Lombard, US se direkteur van Ontwikkeling, oorhandig. Links is mnr. Peter Frayne, bestuurder van die bouvereniging se tak op Stellenbosch.*

Mnr. D. M. Hennesy, *takbestuurder van IBM in Kaapstad, wat namens sy maatskappy 'n tjek vir Stellenbosch 2000 aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. M. J. de Vries, oorhandig het.*

Mnr. H. A. Sloet *(middel), besturende direkteur van Saambou Nasionale Bouvereniging het namens sy bouvereniging R3 000 vir Stellenbosch 2000 aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. M. J. de Vries, oorhandig. Links is mnr. L. Barth, direkteur van Saambou in WesKaapland.*

Mnr. H. W. Laubscher *(regs), senior provinsiale bestuurder van Sanlam, het namens sy maatskappy R7 500 vir Stellenbosch 2000 aan mnr. Chris van der Merwe, senior ontwikkelingsbeampte by die Universiteit, oorhandig. Links is mnr. P. A. van Zyl, senior streekbestuurder van die Sanlam-tak op Stellenbosch.*

Mnr. G. R. Knudsen, *streekdirekteur van Murray & Roberts, wat namens sy konstruksiemaatskappy R9 000 vir die Stellenbosch 2000-fondsinsamelingsveldtog aan mnr. H. S. Visser, assistent-direkteur van Ontwikkeling by die Universiteit, oorhandig het.*



Mnr. M. de V. Möller, *bestuurder van Santam-Versekering se tak op Stellenbosch, het sy maatskappy se tjek vir Stellenbosch 2000 aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. M. J. de Vries, oorhandig.*

KURSUSSE

Groot tekort aan dié landboukundiges

In Suid-Afrika bestaan vandag nog 'n groot tekort aan grond- en landbouwaterkundiges. Mense wat in dié rigting opgelei is, kan kies en keur tussen die verskeidenheid betrekkings wat steeds vermeerder met nuwe ontwikkelings by onder meer landboukoöperasies, groot produsente en siviele ingenieurskonsultante.

Prof. A. A. Theron, hoof van die Departement Grond- en Landbouwaterkunde by die Universiteit, sê by die meeste landboukoöperasies word nou grondkundiges aangestel om spesialiteitsvoorligting te doen. Hulle help met plaasbeplanning, bemesting, besproeiing en grondbewerking.

By groot produsente word grondkundiges gebruik as tegniese konsultante by die beplanning van nuwe aanplantings en siviele ingenieurskonsultante soek toenemend na grondkundiges om met byvoorbeeld die beplanning van paaie te help.

Die Departement Landbou is natuurlik die vernaamste werkverskaffer vir opgeleide grond- en landbouwaterkundiges. Die kunsmisbedryf het ook talle grondkundiges wat as raadgewers oral in die land werk. Landboubeheerrade en private navorsingsondernemings het navorsingsposte en die kennis van dié opgeleides word ook by bosbou, natuurbewaring en selfs die prospektering van minerale gebruik.

By die Universiteit word die studie van hierdie vak in drie rigtings verdeel: Prof. Theron behartig die afdeling oor grondvrugbaarheid en grondchemie, prof. H. W. Weber bepaal hom by besproeiing en grondfisika en mnr. J. J. N. Lambrechts lê hom toe op die klassifikasie en kartering en die studie oor die ontstaan van gronde.

Vir die student wat grond- en landbouwaterkunde as hoofstudierigting wil volg, is chemie die belangrikste ondersteunende vak. 'n Kennis van onder meer geologie, plantfisiologie, fisika en grondmikrobiologie is ook noodsaaklik, maar dit gaan gepaard met 'n studie van 'n plantproduksierigting soos akkerbou of hortologie.

Hierdie departement – waar belangrike navorsing gedoen word en 'n raadgewende diens gelewer word – se geskiedenis strek terug tot by die ontstaan van die Fakulteit van Landbou toe die eerste drie professore in 1917 aangestel is. Onder hulle was dr. J. P. du Buisson, wat as hoogleraar in landbouskeikunde aangestel is – 'n departement wat later dié van landbouchemie en grondkunde geword het. Sy opvolger was dr. I. de V. Malherbe. Hy is ná 'n dienstyd van 39 jaar agtereenvolgens deur prof. J. L. Steenkamp en prof. Theron opgevolg.

Studente en dosente van hierdie departement werk aan belangrike navorsingsprojekte wat vir die landbou van groot belang is. Sommige daarvan is:

- In een van die takriviervalleie van die Breërivier word navorsing gedoen oor die wisselwerking tussen brak sugwaterafloop vanaf besproeide landerye en die gevolglike soutbesoedeling. Die Winterreënstreek van die Departement van Landbou en Visserye en die Werkgroep vir Mineralisasie van die Koördinerende Navorsings- en Ontwikkelingskomitees vir Waterkwaliteit van die Waternavorsingskommissie, voer dié projek saam uit;
- Die invloed van die wisselwerking tussen klimaat, die wynstok en natuurlike en kunsmatige watervoorsiening op die groeikrag, druifproduksie en wynkwaliteit word in medewerking met die Navorsingsinstituut vir Wynkunde en Wingerdbou ondersoek;
- Die grond van die intensiewe studiegebiede van kusfynbos by Pella en bergfynbos by Jonkershoek is onlangs geklassifiseer en gekarteer as deel van die fynbosbioomprojek van die WNNR;
- Die invloed van die klimaat, terrein en geomorfologie op die kenmerke, verspreiding en genese van die gronde geassosieer met sandsteenrots in Wes-Kaapland, word in samewerking met die Departement van Landbou en Visserye ondersoek;
- Die kaliumvoorsieningsvermoë van 'n aantal grondvorms in die Winterreënstreek word ook ondersoek;
- In nog 'n navorsingsprojek word die omsettings en verliese van stikstofmisstowwe in boorgrond ondersoek. Die doel hiervan is om die persentasie benutting van dié duur materiaal te verbeter. □



Prof. Theron

Nuwe graad in staatswetenskappe

Die Universiteit bied van vanjaar af 'n BA-graad in Staatswetenskappe aan. Die kursusse vir die graad is so saamgestel dat dit studente voorberei vir loopbane in die diplomatieke diens of die staatsdiens.

Die kernkursusse waaruit die graad saamgestel is, is staatsleer, publieke administrasie, ontwikkelingsadministrasie, politieke filosofie en Afrikastudie. Uit hierdie kernkursusse is verskeie kombinasies moontlik.

Voornemende studente het ook keusemoontlikhede uit ander vakke soos ekonomie, filosofie, geskiedenis, sosiologie en volkekunde. Studente wat die graad wil behaal, moet 'n taalkursus volg.

Eienskappe van die graad is dat dit voorsiening maak vir samewerking tussen die departemente wat die kernkursusse aanbied. So word onnodige oorvleueling uitgeskakel en toegesien dat die studente kursusse volg wat mekaar goed aanvul.

Die akademiese voorbereiding wat dié studente vir hul beroepe kry, is aktueel en ter sake.

Voornemende studente vir die BA-graad in Staatswetenskappe kan hul aansoeke rig aan Die Registrateur (Akademies), Universiteit, Stellenbosch 7600. □

Spoedlees: 'n Deurbraak vir Afrikaans

- **Lees is die vinnigste vorm van kommunikasie – twee maal vinniger as praat.**
- **Gegradueerdes doen volgens berekening elke dag ongeveer drie uur leeswerk.**
- **'n Mens kan doeltreffender werk as jy leer om vinniger te lees.**
- **Die meeste mense het vroeg op laer skool laas 'n leesles gehad – en moet daagliks met dié gebrekkige kennis deur hul stapels leeswerk worstel.**
- **Deur vinniger en doeltreffender te lees, verbeter jy jou lewensgehalte.**



Dr. Meyer, wat die kursus opgestel het.

- **'n Goeie spoedleeskursus kan jou help om twee keer vinniger te lees – en terselfdertyd jou begrip aansienlik te verbeter.**

So 'n Afrikaanse spoedleeskursus is nou op videoband beskikbaar. Dr. Johann Meyer, senior studentevoorligter by die Universiteit, het dit opgestel. Die aanbieder is prof. Piet Cillié, hoof van die Departement Joërnalistiek.

Dit is die eerste oudiovisuele spoedleeskursus wat in Suid-Afrika opgestel is.

Meer as 'n dekade se ervaring en navorsing in spoedleestegnieke is in die kursus vervat. In die afgelope dertien jaar het meer as 5 000 Maties uit alle fakulteite die leesverbeteringskurus van US se Buro vir Studentevoorligting gevolg. Dr. Meyer, die kursusleier, het verlede jaar in Amerika by universiteite soos Stanford, Berkley, UCLA, Arizona en Minnesota die jongste kennis oor leesverbetering bekyk.

Van tyd tot tyd is die leeskursus ook vir skoliere aangebied, asook vir mense in bestuurposte by firmas soos Rembrandt, Sanlam, Krygkor en Barlow Rand. Ander universiteite en technikons is gehelp om hul eie kursusse te begin.

Die Buro het dit ontwikkel om studente se leesbegrip en -spoed te verbeter sodat hulle meer studiemateriaal doeltreffend kan hanteer. Dit word elke jaar twee keer aangebied en duur sowat sewe weke teen twee periodes per week.

Mobil het vir die Universiteit geld gegee vir 'n goed toegeruste leeslaboratorium waar die kursus sedert 1970 aangebied word. So 'n laboratorium kos nou ongeveer R80 000 – die rede waarom slegs enkele opvoedkundige inrigtings dit kon bekostig en geen private firma in die land so iets vir personeelverbetering het nie.

'n Sogenaamde laboratorium is nodig omdat lees grootliks 'n praktiese vaardigheid is waarin jy sekere tegnieke moet kan bemeester. Sonder 'n oudiovisuele hulp of die leeslaboratorium se kondisioneringsoefening is dit uiters moeilik. "Dis soos fietsry. Wil jy iemand leer, kan jy nie net vir hom verduidelik hoe om dit te doen nie," sê dr. Meyer.

Die videokursus skakel dié hoë koste uit. Slegs 'n videokassetopnemer en beeldradio is nou nodig. Ook die spesialis-aanbieder word uitgeskakel en die "laboratorium" gaan na die mense se werkplekke en selfs hul huise. Dit kan enige tyd van die dag of nag aangeskakel word, kan soveel keer as wat nodig is, herhaal word en dit maak nie saak of twintig mense of net een daarna kyk nie.

Uit die resultate van duisende mense wat die afgelope jare die Buro se kursus voltooi het, blyk dat hulle tussen 50 en 130 persent vinniger kon lees en gemiddeld 15 persent meer begryp het. "Jou verbetering hang af van jou intelligensie, motivering en hoeveel jy oefen, maar almal verbeter, want hulle het vroeg in die laer skool laas formele leesonderig gekry en is net nie voldoende toegerus vir 'n volwassene se leeseise nie."

Die nuwe kursus bestaan uit agt videobande van 'n halfuur elk, twee leesboeke en 'n werkboek met lees-, begrip- en spoedoefeninge waarmee elke student sy vordering meet.

Prof. Cillié, aanbieder van die kursus.

Onder prof. Cillié se leiding leer 'n mens om sinsnedes te lees, jou oogbewegings doeltreffend en ekonomies te beheer of jou woordeskat uit te brei en hoe en wanneer jy moet studielees, spoedlees, loerlees, vluglees, soeklees of ontspanningslees. Daar is wenke oor beplanning, doeltreffende tydsbenutting en hoe om jou krities-analitiese vermoë te ontwikkel. Omdat leer en lees so nou verwant is, handel een hele les oor studiemetodes.

- Highgold International in Johannesburg versprei die kursus, wat deur Oudiovista in Kaapstad vervaardig is. Dit kos sowat R2 000 per eksemplaar. □

Opleiding in apteekwese

Aptekers word van vanjaar af by US opgelei. Dit is die eerste keer dat apteekwese in Afrikaans op universiteitsvlak in Kaapland aangebied word.

Goedkeuring deur die Departement van Nasionale Opvoeding dat die Universiteit opleiding in apteekwese (farmasie) verskaf, het gevolg op 'n vroeëre besluit van die departement dat alle aptekers voortaan universiteitsopleiding moet kry. Dit het tot onderhandelings tussen US en die Kaapse Technikon gelei om deur US apteekopleiding in Afrikaans aan te bied.

Die eerstejaarstudente in apteekwese wat as US-studente vir die kursus geregistreer het, woon vanjaar se klasse by die Technikon by. Van volgende jaar af sal die farmasie-studente hul eerste studiejaar op Stellenbosch deurbring, waar hulle dieselfde klasse as die eerstejaarstudente in geneeskunde sal bywoon.

Die tweede studiejaar sal by die Fakulteit Geneeskunde in die Tygerberg-opleidingskompleks aangebied word, waar die studente by die kursus in geïntegreerde fisiologiese wetenskappe vir tweedejaarstudente in die geneeskunde sal inskakel. Die laaste twee studiejare sal oorwegend by die Technikon aangebied word.

Slegs sowat 25 studente kan tot die kursus toegelaat word. Matriekvrystelling met wiskunde is 'n toelatingsvereiste. Voornemende studente wat volgende jaar die kursus wil volg, moet so gou as moontlik hul aansoeke rig aan Die Registrateur (Akademies), Universiteit, Stellenbosch, 7600. □

Saamtrekke in Suid-Kaapland

Swellendam

Onder: Die Rektorspaar, prof. en mev. M. J. de Vries, was die eregaste op 'n saamtrek wat die Oud-Maties van Swellendam en omgewing teen middel Junie op dié dorp gehou het. Mev. Renée de Vries (regs) is hier by een van die Universiteit se oudste oud-studente, prof. F. R. Tomlinson, en mev. Tomlinson. Hy was eerstejaar op Stellenbosch in 1927.

Links onder: Van die jong mense by die Swellendam-saamtrek was mejj. Annette Louw en Henriette Pretorius, mnr. Niel Mostert en mejj. Hilda Koch, Terina Marais en Elsa Marais.

Regs: Die saamtrek op Swellendam is ook bygewoon deur mev. Kate Swart en mnr. en mev. O. P. le Roux.

Bredasdorp

Heel onder: Prof. Bun Booyens (middel), afgetrede hoof van US se Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, het 'n saamtrek van Oud-Maties op Bredasdorp toegespreek. By hom is mnre. Eddie van Reenen en die voorsitter van die Oud-Matie-skakelkomitee op Bredasdorp, mnr. Vivian White.

Riversdal & Albertinia

Die Oud-Matie-skakelkomitee van Riversdal en Albertinia het vroeër vanjaar 'n saamtrek op Riversdal gehou. Van die mense wat dit bygewoon het, is mnre. F. Hofmeyr, H. Theron en J. T. Jackson (links onder) en (regs onder) mnr. S. du Toit, mev. J. du Toit, dr. D. J. Burger, mnr. A. Saayman en dr. C. Kift.
Heel onder: By die saamtrek op Riversdal is mnre. Tex de Swardt (tweede van links) en Nic de Klerk (regs), albei van US se Departement Ontwikkeling, hier saam met mnre. M. P. Oosthuizen, H. B. Coetzee, D. C. Blom en P. C. C. Fourie.



PERSONEEL

Aangestel en bevorder

Een van die nuwe professore wat vanjaar by die Universiteit aangestel is, is 'n 40-jarige Oostenryker, prof. W. Pfeifenberger, voorheen hoogleraar in staatsleer in Münster, Wes-Duitsland, wat twaalf tale – insluitende Russies, Sjinees én Afrikaans – magtig is. Hy is vanaf Augustus professor in staatsleer en publieke administrasie by US.

Prof. Pfeifenberger het gestudeer in Wenen en aan die Amerikaanse Johns Hopkins-universiteit se Europa-tak in Italië asook die Universiteit van Oslo, Noorweë. Vir sy doktorsgraad-proefskrif oor die VVO is hy met 'n Oostenrykse toekenning bekroon. Hy het die Volksrepubliek van Sjina verskeie kere besoek, dit deeglik bestudeer en 'n publikasie daaroor die lig laat sien. Sedert 1972 het hy Suid-Afrika dikwels besoek.

In US se nagraadse Departement Joernalistiek is mnr. H. J. Grosskopf, redaksieverteenwoordiger van die Nasionale Pers-groep in Washington en voorheen hoofredakteur van die Johannesburgse oggendblad Beeld, aangestel as professor en departementshoof vanaf die begin van 1984. Hy volg prof. Piet Cillié op, wat einde vanjaar aftree.

Mnr. Grosskopf, 'n oud-Ikey, was onder meer in die vyftigerjare Die Burger se redaksieverteenwoordiger in Londen. In 1965 het hy assistent-redakteur van die destydse Sondagblad Die Beeld geword en toe dit deur Rapport vervang is, het hy assistent-redakteur daarvan geword.

Prof. Cillié, wat sedert die instelling van die Departement Joernalistiek in 1977 die hoof daarvan is, sal ná sy aftrede steeds in 'n deeltydse hoedanigheid daaraan verbonde wees.

Dr. Hennie Aucamp wat verlede jaar die Hertzogprys verower het vir al

sy prosawerk wat sedert 1963 verskyn het, is onlangs tot hoof van die Departement Afrikaans in die Fakulteit van Opvoedkunde bevorder.

Dr. Aucamp se verowering van die Hertzogprys was 'n eerste in die geskiedenis van die prys, wat sedert 1916 toegeken word, omdat kortverhaalbundels nog nie voorheen bekroon is nie.

Verskeie ander dosente is vanjaar by die Universiteit aangestel of bevorder:

Prof. H. V. Hattingh, direkteur van die Buro vir Meganiese Ingenieurswese en hoogleraar in meganiese ingenieurswese, is aangestel as heeltydse direkteur van die Sentrum vir Meganiese Dienste, wat verlede jaar gestig is, en die Buro vir Meganiese Ingenieurswese.

Mej. S. Irwin-Carruthers van die Departement Fisioterapie is tot hoof van dié departement benoem in die plek van mev. M. J. van Oordt wat aan die einde van verlede jaar uitgetree het.

Mnr. F. L. D. Cloete, senior lektor in ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese, is as hoof van die Afdeling Ekstraktiewe Metallurgie aangestel.

Dr. W. Warkotsch, vise-direkteur by die fakulteit bosbou, Universiteit van München, Wes-Duitsland, is as hoogleraar in boskunde (bosingenieurstegnologie) aangestel. Hy was vroeër senior lektor in bosingenieurstegnologie by US.

Dr. M. J. Case, sedert 1980 senior lektor by die Universiteit van Kaapstad se departement elektroniese ingenieurswese, is met ingang 1 Oktober as professor in elektriese en elektroniese Ingenieurswese aangestel.

Prof. J. H. Cloete, sedert Julie 1981 mede-professor by die Universiteit van Pretoria se departement elektroniese ingenieurswese.en konsultant by UP se laboratorium vir gevorderde ingenieurswese, is vanaf aanstaande jaar as professor in elektriese en elektroniese ingenieurswese (radarstelsels) aangestel.

Dr. C. L. McCarthy, senior lektor by US se Departement Ekonomie, is tot professor in ekonomie bevorder en dr. G. S. Harrison, senior lektor in chemiese en metallurgiese ingenieurswese, is ook tot professor bevorder.

Die volgende dosente is as senior lektore aangestel:

Dr. D. Brummer wat sedert November 1978 sy eie praktyk op Amanzimtoti het, as senior lektor in herstellende tandheelkunde;

Dr. H. J. J. van Vuuren, sedert 1979 senior lektor en navorser by die Vrystaatse Universiteit se departement mikrobilogie en hoof van Sentrachem se navorsingseenheid hier, as senior lektor by die Departement Mikrobiologie en Virologie;

Mev. M. M. Deyzel, departementshoof by die Hoërskool Grens in Oos-Londen, as senior lektrise in bedryfsekonomie;

Mnr. R. J. Koch, sedert Maart 1980 assistent-aktuaris by Norwich Union Life Insurance Society, as senior lektor in besigheidsbestuur en -administrasie (kwantitatiewe metodes);

Mnr. M. Brand, sedert 1975 groeppersoneelbestuurder by Langeberg Koöperasie, as senior lektor in besigheidsbestuur en -administrasie (mannekragbestuur en organisatoriese gedrag);

Mnr. T. J. van Rooyen, senior wynmikrobiologie navorser by die NIWW, as senior lektor in wynkunde;

Mnr. H. A. Jordaan, lektor in handelsreg by die Damelin-kollege in Kaapstad, as senior lektor in handelsreg;

Prof. E. Langheld, sedert 1978 hoogleraar in mikroëlektronika in Wes-Duitsland, vanaf 1 April as senior lektor in elektriese en elektroniese ingenieurswese (mikroëlektronika);

Dr. N. van der Hoven, deeltydse lektor in praktykbestuur by die Fakulteit Tandheelkunde, vanaf 1 April as senior lektor in herstellende tandheelkunde;

Mej. M. S. Uys, lektrise by die Departement Fisioterapie, as senior lektrise in fisioterapie;

Mnr. A. du Plessis, lektor by UP se departement staatsleer en internasionale politiek, vanaf 1 April as senior lektor in staatsleer en publieke administrasie;

Mnr. W. A. Smith, tegniese bestuurder by Tongaat Milling se hooffabriek, as senior lektor in veekunde;

Dr. C. M. Pauw, dosent by die Teologiese-skool in Lusaka, vanaf 1 Julie as senior lektor in sendingswetenskap en

Dr. J. M. Neuland, dierevoedingkundige by die dieresorg-afdeling van Shell-Chemicals in Johannesburg, as senior lektor in mens- en dierfisiologie.

Die volgende dosente is tot senior lektore bevorder:

Dr. J. H. Blaauw, sedert 1974 lektor by die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, as senior lektor in liggaamlike opvoedkunde;

Mev. R. Smuts, lektrise in Afrikaans by die Departement Opvoedkunde, as senior lektrise in Afrikaans.

Dr. M. B. Groenewald, sedert 1979 lektor/kliniese assistent by die Departement Ortodonsie, as senior spesialis in ortodonsie;

Dr. M. J. P. Harris van die Fakulteit Tandheelkunde, as senior lektor in röntgenologie;

Dr. G. J. Kotzé (maatskaplike werk) en dr. J. P. du Plessis (toegepaste wiskunde) en mnr. P. G. Goussard (wingerdkunde) is vanaf 1 April tot senior lektor bevorder.

Dr. R. W. Temmingh wat tot senior lektor in musiek bevorder is, is oorgeplaas in die senior lektoraat wat mnr. Hubert du Plessis, bekende musikus, aan die einde van verlede jaar ontruim het.

Mej. J. A. C. M. Fick, lektrise in skoolmusiek, is in die plek van dr. Temmingh as lektrise in musiek aangestel.

Mej. E. H. T. Cluver, lektrise by US se Departement Musiek, met ingang 1 Januarie 1984 as senior lektrise in musiek.

Mnr. P. Levy, sedert 1965 senior lektor by die Universiteit van Pretoria se Toonkunsakademie, is met ingang 1 Januarie 1984 as senior lektor in musiek (klavier) aangestel.

Die volgende dosente is as lektore aangestel of daartoe bevorder:
Mev. M. de Witt (biblioteekkunde), mnr. J. H. Malan (liggaamlike opvoedkunde), mej. H. Menkveld (Afrikaans – Opvoedkunde), drr. A. Delport, J. A. Venter en P. E. Rossouw (ortodonsie), dr. A. U. Ossterman (mondgeneeskunde en periodonsie), mnr. A. E. Carl (didaktiek), mnr. W. A. Lüdemann (musiek), dr. F. J. Mattheyse (geneeskundige fisiologie en biochemie), mejj. J. Hendry en H. Kloppers (fisioterapie), mev. C. le Roux (algemene taalwetenskap), mnr. P. B. Southwood (meganiese ingenieurswese), mnr. B. C. Gresse (skoolmusiek), mev. E. A. P. Stoltz (ekonomie) en dr. F. J. Rademan (anatomie en histologie).

Mej. E. M. Marais (botanie) en mnr. J. A. de Wet Strauss (mens- en dierfisiologie) is vanaf 1 April aangestel, mnr. J. O. van Vuuren (statistiek) vanaf 1 Julie en mnr. R. Scheepers (geologie) vanaf 1 Julie 1984.

Die volgende dosente is ook as lektore aangestel:

Mnr. P. J. Brink van 'n geoktrooieerde rekenmeestersfirma in Kaapstad, as lektor in rekeningkunde;

Mev. A. B. Basson wat al haar kwalifikasies aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het en by 'n prokureursfirma werk, met ingang 1 Januarie 1984 as lektrise in handelsreg;

Mnr. J. H. Meyer, sedert die begin van die jaar tydelike junior lektor by US se Departement Wiskunde, as lektor in wiskunde.

Mnr. P. van Heerden, 'n Kaapstadse onderwyser in sang en klavier en voorheen deeltydse dosent in skoolmusiek by die Vrystaatse Universiteit en lektor in klavier en sang by die Wellingtonse Onderwyserskollege, is met ingang 1 Januarie 1984 as junior lektor in musiek (sang) aangestel. Hy was onder andere ook aan SUKOVS se operagroep verbonde, het voorheen by Kruik gewerk en was hooftenoor van die Raimundteater in Wenen. □

Fisika se Freddie tree af

Deur Douglas Davis

Hy het Maties geslagte lank sien kom en gaan. Hy het onder vier rektore gedien. Hy het in diens van die US getree toe die huidige rektor 'n jaar oud was. Vanjaar tree mnr. Freddie Solomons af ná 49 jaar ononderbroke diens in die Departement Fisika.

Duisende Oud-Maties sal dié forsgeboude, vriendelike bruinman onthou – hy het baie van hulle gehelp toe sake met hulle studies en praktiese werk maar broekskeur gegaan het. Baie oudstudente maak jaarliks spesiaal 'n draai in die Departement Fisika om "net 'n slag weer vir Freddie te gaan dagsê." En Freddie sê: "Dis die studente en die dosente en almal met wie ek oor vyf dekades saamgewerk het wat so wonderlik was en wat gemaak het dat ek al die jare hier gebly het."

Mnr. Freddie Solomons was op 18 Mei vanjaar 65 jaar oud. Hy het op 27 Augustus 1934 as sestienjarige in diens van die Universiteit getree. By indiensneming, vertel hy, is hy net een vraag gevra: "Kan jy tee maak?" Toe hy bevestigend antwoord, is hy aangestel. Vir enkele maande het hy "in die afdeling sielkunde" gewerk. "Ek kan nie onthou hoe lank nie, maar toe is ek oor na Fisika waar ek al byna 49 gelukkige jare agter die rug het." (Hy is as skoonmaker aangestel. Hy tree af as senior tegnikus.)

Mnr. Solomons . . . 49 jaar by US

Dr. Meiring Naudé, gewese president van die WNNR en 'n man wat op die gebied van die wetenskap in Suid-Afrika onuitwisbare spore getrap het, was een van die twee hoogleraars in die Departement Fisika toe Freddie Solomons in 1934 daar begin werk het.

Prof. Piet Zeeman, huidige hoof van die Departement, tree ook einde vanjaar af. Hy was 'n student toe Freddie by Fisika in diens getree het. Nog iemand wat Freddie as student goed geken het, was wyle dr. Kosie Gericke, Vise-Kanselier van die US. Dr. Danie Craven het in daardie tyd net klaar gestudeer op Stellenbosch en was onderwyser op Grahamstad.

Freddie Solomons is 'n diep gelowige mens. "Hier waar ek die winter van my lewe betree, is ek 'n baie gelukkige man. My Skepper was goed vir my. Ek het berou oor niks. My medemens het my nie teleurgestel nie. Ek het baie om voor dankbaar te wees."

Hy sê hy het as agtienjarige reeds sy lewe aan sy Skepper gewy. "Deur die jare het my kerk vir my alles beteken. Ek is al baie jare lekeprediker en langer as veertig jaar lid van die kerkraad en meeste van dié tyd het ek ook in die kerkkoor gesing."

Hoe voel hy oor die student van vandag teenoor dié van byna vyf dekades gelede? "Hulle is puik. Hulle hare is miskien nie meer dieselfde nie, ook nie hulle klere nie, maar hulle harte klop reg. Teenoor my was hulle almal altyd net wonderlik gewees."

Die Universiteit sal later vanjaar op paslike wyse van mnr. Solomons afskeid neem.

Rektor Mike de Vries spreek die laaste woord: "Ons gaan vir Freddie mis. Almal het hom geken daar in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Hy was altyd bereid om te help. Hy het my destyds met my skripsie ook baie gehelp." (Prof. De Vries het die grade B.Sc. en M.Sc. aan die US verwerf en was voordat hy in 1976 Vise-rektor geword het ook dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe.) □

NAVORSING

Graan van o

Deur Hannatjie van der Merwe

Die bevolkingsontploffing en die geweldige druk wat dit op voedselvoorsiening plaas, word as die wêreld se grootste probleem beskou.

Baie landboukundiges en plantetelers meen die verbouing van gewasse op grond wat voorheen onproduktief en onbenut was, sal grootliks bydra om die wêreldbevolking van die 21ste eeu te voed.

Op Stellenbosch is prof. R. de V. Pienaar van die Departement Genetika reeds jare lank besig met navorsing en proewe oor korog – graan van die toekoms. Hy het bewys dat korog Suid-Afrika se koringoes vir die bak van brood kan aanvul en koringinvoere só beperk.

In Kanada en Amerika gebruik 'n aantal bekende vervaardigers van graankos reeds korog vir geurige en gesonde graanvlokkies, pofkoring, pannekoekmeel, koekmeel en volgraanmeel wat in bakkerye en kettingwinkels dwarsoor Amerika beskikbaar is. Amerikaanse brouers en distilleerders stel ook al meer in korog belang, omdat dit 'n aangename nuwe geur en smaak aan hul produkte verleen.

Die verskillende are van koring (links), rog en korog.



Prof. Pienaar se dogter, Amanda, met 'n
is in Amerika as Beagle vrygestel en i
(afkorting vir Universiteit van Stellenbo

Navorsing op Stellenbosch en in die buiteland het bewys dat korog ander graansoorte op alle gebiede uitstof:

- In Amerika is bepaal dat 'n hektaar korog ses beeste kan voed, terwyl 'n hektaar koring voer vir net twee beeste kan verskaf. Proewe van die Universiteit se Departement Skaap- en Wolkunde op die Mariendahl-proefplaas het bewys dat korog vyf tot ses keer bewei kan word, teenoor hawer wat twee tot drie keer bewei kan word.

- In voerproewe van die Universiteit se Departement Pluimveekunde en Veekunde is oorsese bevindings bevestig dat korog ander graansoorte soos mielies, koring, gars en hawer

Mnr. A. S. Roux, senior tegniese beampte by die Departement Genetika, stroop proef-korog op Mariendahl.

die toekoms

korogsoort wat in Mexiko geteel is. Dit
Suid-Afrika as die kultivar Usgen II
sch, Genetika).



Korog-are van 'n voortreflike teellyn. Die foto is in die oestyd verlede jaar op Mariendahl, een van die Universiteit se proefplase, geneem.

Dr. B. C. Jenkins, die vader van korog, tussen sy korog in Kalifornië. Prof. Pienaar het dié foto tydens 'n besoek geneem.

tot 'n groot mate in rantsoene vir pluimvee en varke kan vervang.

- Oorsese proewe met korogverreikte pluimveerantsoene het getoon dat dit doeltreffender in lewende massa omgesit word as die meeste gewone voergrane. In 'n Amerikaanse proef met Friesbeeste is die gewone grane in 'n voermengsel vervang met korog wat met molasse behandel is. Dit het geen inname-, verteerbaarheids- of produksieprobleme veroorsaak nie. In Kalifornië is gevind dat die goedkoopste massatoename by beeste verkry word met voer wat 68 persent korog bevat – boonop was dié beeste se karkasse 'n derde graad beter as dié wat die gewone rantsoen gekry het.

- Die beste korogsoorte is onder optimale verbouingstoestande net so produktief en vaar selfs beter as die beste broodkoringsoorte, maar op suur- en skraal sandgrond, asook in semi-tropiese hooglandgebiede en streke waar koringsiektes voorkom, vaar korog twee keer beter as koring. Korog is ook meer gehard teen koue en periodieke droogtes.

- In lande soos Mexiko en Indië word korog gebruik vir die bak van ongesuurde brode. Baklaboratoriums in Amerika en Mexiko het getoon dat goeie brode van baie koroglyne gebak kan word indien die fermentasietyd tot 65 persent van dié van broodkoring verander word.

Prof. Pienaar sê broodkoring-korogmengsels is uiters geskik vir brood. Volgens verskillende mengsels wat hy na die Koringraad gestuur het, blyk dit dat 'n mengsel van broodkoring en korog in die verhouding 3:1 in die meeste gevalle 'n goeie brood lewer en 'n 1:1 mengsel in sommige gevalle ook geskik is.

- Proewe in Suid-Afrika het getoon dat korog geskik is vir gebruik by die vervaardiging van beskuitjies. Oorweging word ook daaraan geskenk om korog by die vervaardiging van ontbytkos te gebruik.

Wat is korog? Dit is die produk van kruisings tussen korog en rog. Die geskiedenis daarvan strek terug tot in 1875

toe 'n skot, Wilson, die eerste koring-rog baster aan lede van Edingburg se botaniese vereniging getoon het. Ongelukkig was dit onvrugbaar, want die chromosoomgetal moes eers verdubbel word.

In 1890 het die Duitser Rimpau 'n koring-rog baster gekweek waarvan een aar spontane chromosoomverdubbeling ondergaan het om 'n vrugbare sektor te vorm wat vyftien sade geset het. Hieruit is 'n vrugbare nuwe spesie waaraan die naam *Triticosecale* gegee is, ontwikkel. Dit het na die algemene naam "triticale" verander. (In Suid-Afrika word die naam korog verkies omdat "triticale" in die volksmond gou na 'n stout woord – sonder die "r" daarin – verander het).

Die resultate van vroeë teelwerk met korog – ook van prof. Jan Neethling van Stellenbosch in die dertigerjare – was teleurstellend en korog was tot die vroeë vyftigerjare net 'n botaniese aardigheid.

Die deurbraak het in 1954 gekom toe dr. B. C. Jenkins in die nuwe navorsingsleerstoel by die Universiteit van Manitoba se departement plantwetenskappe aangestel is. Twee jaar later is begin met 'n internasionale uitruilskema om genetiese variasie te vergroot.

Dr. Jenkins het 'n tiental lyne na Stellenbosch gestuur. Dit was die begin van Stellenbosch se korogteelprojek wat van 1959 tot 1974 op klein skaal as 'n stokperdjie beoefen is.

Hierdie eerste lyne het indrukwekkende are gehad, maar dit het 'n maand ná koring ryp geword, die strooi was te lank en te swak, dit het roes gekry, was redelik onvrugbaar en die sade was verkrimp.

In 1963 het prof. Pienaar dr. Jenkins tydens 'n studietoer deur Amerika en Kanada besoek. Jenkins het hierna nuwe soorte gestuur wat beter gevaar het. 'n Paar jaar later het hy 'n dertigtal seleksies gestuur wat uitstekend gepresteer het. Uiteindelik het Stellenbosch goeie materiaal gehad waarmee die teelprogram op dreef kon kom.

In 1973 het prof. Pienaar die vierde internasionale simposium oor koringgenetika in Amerika bygewoon. Hier



Firmas in die voedselbedryf steun die Universiteit se korog-navorsing. Mnr. Allan Jeffes (links), produksiebestuurder van die groot graanverwerkingsfirma Bokomo, het onlangs 'n tjek aan prof. Pienaar oorhandig.

het dr. Jenkins weer nuwe lyne aan hom gegee. Dit het besonder goed in Wes-Kaapland aangepas en het net so vroeg soos koring ryp geword.

Met die lyne wat Jenkins verskaf het, en lyne wat van Hongarye, Rusland, Frankryk, Spanje, Australië en Amerika verkry is, is die kern van Stellenbosch se korogteelprojek gevorm. Dit is in 1975 amptelik deur die Departement van Landbou erken en sedertdien is verskeie noodsaaklike en belangrike bydraes ontvang om navorsing op hierdie gebied te bevorder.

Volgens berekenings word korog vandag op sowat 400 000 ha in die wêreld verbou, waarvan sowat 5 000 ha in Suid-Afrika vir weiding en die maak van hooi aangewend word.

Prof. Pienaar sê ná minder as dertig jaar se intensiewe teling en goeie internasionale samewerking, het korog die stadium van veredeling bereik wat ná duisende jare se seleksie met koring bereik is. Korog moet as 'n volwaardige nuwe gewas erkenning kry as die eerste mensgemaakte graangewas wat groot handelswaarde het. □

Kanker: 'n nuwe benadering

Die oorgrote meerderheid geneesmiddels teen kanker vernietig nie net die kankerselle nie maar ook die pasiënt se normale weefsel – 'n probleem wat dokters én navorsers kwel.

Die oplossing hiervoor is om geneesmiddels te ontwikkel wat kankerselle selektief sal herken en vernietig, sonder om normale weefsel aan te tas. So 'n middel kan slegs ontwikkel word wanneer heelwat meer oor die basiese aard van die kankersel bekend is – veral hoe die groei van selle in die liggaam gekontroleer word en hoe dié kontrole in die kankersel verander.

Om kankerselle se groeikontrole beter te verstaan, het navorsers van die Universiteit se Departement Farmakologie in die laboratorium 'n lewerkanker (hepatoom) in rotte geïduseer deur hulle met 'n spesiale chemikalie (bottergeel) te voer. 'n Aantal verskillende navorsers het die tumor wat in die rotte ontstaan het, bekend as DAB-1, tien jaar lank intensief bestudeer. Honderde rotte is in dié tyd met DAB-1-selle ingespuit en

die navorsers het gevind dat die tumore wat ontwikkel het nooit na ander weefsel versprei het nie. Vanweë dié gedragspatroon is die tumor as nie-kwaadaardig (benigne) geklassifiseer. Chirurgie kan die meeste benigne tumore sonder 'n gevaar vir die pasiënt verwyder.

In teenstelling met die benigne rothepatoom DAB-1 het die navorsers uit Amerika 'n sellyn van muismelanoom, bekend as BL6, verkry wat uiters kwaadaardig en dodelik (vir muise) is. Word dié selle in 'n muis ingespuit, ontstaan 'n tumor wat na ander organe versprei. Die verspreidingsproses word metastase genoem en die kanker word as kwaadaardig (maligne) geklassifiseer. Metastase veroorsaak tagtig persent van alle kankersterftes.

Navorsers wil graag die verskil tussen nie-kwaadaardige en kwaadaardige selle vasstel – om insig te kry in die fundamentele molekulêre en sellulêre meganismes wat die selle se groei en gedrag beheer. Kankerselle hoef nie net in proefdiere bestudeer te word nie. Dit kan ook in plastiekflesse in 'n inkubator groei. Dié sogenaamde weefselkultuurstelsel is boonop goedkoper én doeltreffender.

In die laboratorium het die US-navorsers uit die staanspoor die benigne DAB-1 en die maligne BL6-selle afsonderlik in weefselkultuurflesse gekweek. Terwyl die benigne selle stadig gegroei en deur kontak geïnhibeer is, het die maligne selle baie vinnig gegroei en op mekaar gestapel.

'n Belangrike deurbraak in die Departement Farmakologie se navorsing was die ontdekking dat maligne BL6-selle wat saam met benigne DAB-1-selle in dieselfde fles gegroei het al die benigne selle se eienskappe aangeneem het. Verdere navorsing het bewys dat die benigne selle proteïn-molekules vrystel wat op die maligne selle kan inwerk.

'n Onlangse waarneming is besonder betekenisvol. Dit dui daarop dat maligne selle wat aan die weefselkultuurmedium blootgestel word – gekondisioneer deur benigne selle – se groeieienskappe permanent verander. Selfs as die voorheen maligne selle na 'n vars weefselkultuurmedium verplaas word, behou dit steeds die benigne selle se eienskappe. Dié selle kan trouens in vloeibare stikstof bevries en maande lank gebêre word. As dit ontvries en in die groeimedium teruggeplaas word, vertoon dit steeds die nie-kwaadaardige eienskappe. So is 'n nuwe, unieke sellyn ontwikkel. Die US-navorsers noem dit BL6-D.

Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die weefselkultuurmedium wat deur die benigde DAB-1-selle gekondisioneer is 'n faktor bevat met die vermoë om kwaardaardige kankerselle permanent nie-kwaardaardig te maak.

Hul belangrikste doelwit is nou om dié onbekende faktor te identifiseer. Navorsing oor die werkingsmeganisme daarvan kan nuwe insig oor die ongekontroleerde groei van kankerselle verskaf. □

80 000 jaar oopgegrawe

Die grondlaag van ses meter dik op die vloer van 'n grot in die Swartberge naby Oudtshoorn het die afgelope nege jaar interessante inligting verskaf oor die oermense wat sedert 80 000 jaar gelede gereeld die grot gebruik het asook die dierelewe, plantegroei en klimaatstoestande gedurende dié tienduisende jare.

US se Departement Argeologie het in 1974 die eerste keer begin met opgrawings in die grot op Boomplaas, vier kilometer van die Kangogrotte. Die WNNR se Fynbos-bioom-projek en die RGN verskaf ook fondse hiervoor.

Boomplaas vorm die fokuspunt van 'n groter navorsingsprojek oor die argeologie en paleo-ekologie van Suid-Kaapland. Inligting wat met die opgrawings in die Boomplaas-grot verkry word, word gekorreleer met gegewens vanaf 'n verskeidenheid ander bronne.

Opgrawingsekspedisies gaan elke winter- en somervakansie daarheen. Tussen 20 en 30 mense neem elke keer deel. Die opgrawings is ook 'n veldlaboratorium om studente in die basiese



Uitgrawings word in die boonste laag van die Boomplaas-grot gedoen. Die hangende toue waarmee die gebied in vierkante meters afgebaken word, is duidelik sigbaar.

metodes van argeologiese navorsings te onderrig. Naas dosente en studente is die samewerking ook verkry van 'n aantal wetenskaplikes in ander vakgebiede – kenners van onder meer opgrawings, mikrosoogdiere, makroplantegroei, flotasie, sedimentasie en radiokoolstof-datering.

Ná elke besoek aan Boomplaas word plantemateriaal, dierebeendere en artefakte (menslike gebruiksvoorwerpe) teruggeneem Stellenbosch toe om uitgeken en geklassifiseer te word. Sowat 100 000 artefakte, 'n hele groot kamer vol, is reeds uitgeken en word by die departement bewaar.

Aanvanklik is slegs 'n kontrole-uitgrawing van 'n vierkante meter tot op die grotvloer gedoen. Daarna is ongeveer die helfte van die oppervlakte in die boonste laag uitgegrawe en van daar is trapsgewys kleiner stukke tot onder oopgegrawe. Van die grotoppervlakte van sowat 200 m² is slegs sewe vierkante meter tot op die vloer ontgin.

Die grot is gekies omdat dit geleë is in 'n kalksteengebied, waar Alkaliese grond fossiele behoue laat bly. Die neersettings van ses meter diep in die grot was feitlik onversteur voordat met die opgrawings begin is, wat dit 'n waardevolle navorsingsterrein gemaak het.

Met toue wat met 'n kleefstof van die dak af hang, is die hele gebied wat uitgegrawe is vooraf in vierkante meters afgebaken. Werksplatforms van steiers met planke daaroor word gebou sodat die navorsers nie trap op die neersettings wat hulle oopgrawe nie. Kwaste word gebruik om die neersetting duim vir duim ondertoe oop te vee voordat dit noukeurig gesif word. So word tienduisende jare dieper die verlede ingedelf om 'n prentjie te probeer saamstel van die plant-, diere-, en oermenslewe en die klimaatstoestande wat daar bestaan het.

Plant- en dierkundiges asook ander wetenskaplikes gebruik baie van die inligting wat met die opgrawings ingesamel is. So het die beendere van klein soogdiertjies – die prooi van uile – heelwat te vertel gehad van die diere- en plantlewe in die Kangovallei en hoe dit deur die duisende jare verander het, byvoorbeeld vanweë die verandering van die vorige ystydperk, tussen ongeveer 16 000 en 30 000 jaar gelede na die warmer sogenaamde intergletser-tydperk wat ons nou beleef.

In die grot-afsettings is die rekord bewaar van vroeë mensetipes wat feitlik voortdurend sedert prehistoriese tye sowat 80 000 jaar gelede tot in die vroeë historiese tyd die grot gereeld gebruik het. Die opgrawings werp onder meer heelwat lig op die oorgang van die Middel- na die Laat Steentydperk.

Oor die mense wat in die omgewing gewoon het, weet ons byvoorbeeld dat die grot ongeveer 1 700 jaar gelede 'n veekraal en woonplek vir Hottentotte was. Ongeveer 2 000 jaar gelede het mense dit hoofsaaklik gebruik as stoorplek vir oliesade van die plant *Pappea Capensis,* wat nie vir menslike gebruik geskik is nie, maar as velolie gebruik is. Talle gate in die grotvloer is toe met klippe uitgevoer om die oliesade te stoor – blykbaar omdat dit net in die somer ryp word en die stoorplek dus gebruik is om dit deur die jaar beskikbaar te hê.

Dié jagter-versamelaars wat tot meer as 20 000 jaar gelede die grot bewoon het, was mense van die Laat Steentydperk, wat teen daardie tyd deur die hele land versprei was en tot vandag deur die huidige San-mense (Boesmans) verteenwoordig word. 'n Mate van etnografiese kontinuïteit word aangedui deur die vonds van versierde voorwerpe soos volstruiseierdoppe en -waterhouers. Ongeveer 25 000 jaar en langer gelede is die grot gebruik deur mense van die Middel-Steentydperk, wat ook jagter-versamelaars was – maar duidelik minder bekwaam, want hulle het nie versierde beenwerktuie gehad nie maar slegs klipwerktuie.

Argeologie is slegs elf jaar gelede aan US ingestel, in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Dit is 'n belangrike aanvulling tot ander vakrigtings en skakel veral nou met die natuurwetenskappe. Daar is 'n groot behoefte aan opgeleide, professionele argeoloë in Suid-Afrika. Die land se rykdom aan argeologiese materiaal bied groot moontlikhede vir navorsing. □

Oud-Maties: *Adresse, asseblief*

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u – of 'n ander Oud-Matie van wie u weet – nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul en stuur aan:
Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch, 7600

Titel en van: .....

Voorname: .....

.....

.....

Nooiensvan: .....

My ou adres vir *Matieland:* .....

.....

.....

.....

My nuwe adres vir *Matieland:* .....

.....

.....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

.....

.....

.....

Nadere besonderhede (prestasies, ens.): .....

.....

ONTSPANNING

Hoog bo die berge

Vir 'n honderdtal Maties is ontspanning letterlik om in die wolke te wees. Hulle behoort aan een van die Universiteit se mees besonderse klubs, die US-Vliegklub, wat vanjaar tien jaar oud is. Net twee ander universiteite in die land het hul eie vliegklubs. Die Maties s'n is die enigste by 'n Afrikaanse universiteit.

Van 'n klein begin tien jaar gelede het die Vliegklub baie bereik. Toe 'n groepie geesdriftiges die klub gestig het, het hulle nie 'n instrukteur of eie opleidingsvliegtuig gehad nie – selfs nie opleidingsgeriewe vir die klublede naby Stellenbosch nie. Die klub moes by dié van die Universiteit van Kaapstad affilieer en die Maties is met daardie klub se vliegtuig opgelei.

In 1976 is 'n ooreenkoms met die Fisantekraal-Lugdiens aangegaan om die Fisantekraal-vliegveld te gebruik en twee Piper 140-vliegtuie op 'n vaste grondslag te huur. Einde 1976 kry die klub 'n vliegopleidingslisensie van die Departement van Vervoer. Twee instrukteurs, mnr. Tim Prior en mej. Fay Bool, is toe ook in diens geneem.

Om vlieëniers op te lei, is een van die klub se belangrikste funksies, sê die huidige voorsitter, mnr. Johan Swart. Sowat twintig vlieëniers, 'n sesde van die ledetal, word jaarliks opgelei. Dit is van die hoogste by enige klub in die land.

'n Eie opleidingsvliegtuig was dus uit die staanspoor nodig. In Februarie 1978 is 'n Cessna 152, nommer ZS-JYU, met 'n lening teen sowat R21 000 aangekoop. Ná vyf jaar is ZS-JYU steeds by die klub. Dit het byna 5 000 uur in die lug afgelê en het nou sy derde enjin. 'n Nuwe opleidingsvliegtuig sal deesdae minstens R65 000 kos. Vroeg in 1978 het die klub begin om die Stellenbosch-vliegveld te gebruik, maar omdat dié toe nie aan die streng opleidingsvereistes van die Departement van Vervoer se Tak Burgerlugvaart voldoen het nie, moes veral landings-en-opstygings nog by Fisantekraal geoefen word. In 1979 is 'n gruisaanloopbaan op die Stellenbosch-vliegveld aangebring. Dit is vroeg die volgende jaar geteer en beantwoord nou aan die opleidingsvereistes. Landingspligte is aangebring om nagvlieg moontlik te maak.

Die vliegveld is tien kilometer van Stellenbosch, langs die pad na die Strand. Die Matie-klub en die Stellenbosch-Vliegklub bestuur dit saam en 'n valskermklub, Atlantic Skydivers, gebruik dit ook. In April vanjaar is 'n valskerm-afdeling onder die US-vliegklub se beskerming gestig, wat as hy homself bewys oor sowat drie jaar deur die Universiteit as volwaardige valskermklub erken kan word.

Oud-Maties en universiteitspersoneel kan ook by die Vliegklub aansluit, maar sowat negentig persent van die lede is studente. Mnr. Swart vertel dat die klub verskeie Oud-Maties opgelei het en dat van hulle al daarvoor van ander dele van die land af vir 'n maand of wat Stellenbosch toe gekom het.

Omdat die klub jaarliks soveel nuwe vlieëniers oplei en die opleidingsvliegtuig ten volle benut word, kos die opleiding heelwat minder as by die meeste ander klubs. Die Tak Burgerlugvaart subsidieer 'n groot deel van die opleidingskoste om 'n kern van goed opgeleide vlieëniers vir die land te help verseker. Vir die eerste keer word enkele klublede vanjaar ook as handelsvlieëniers opgelei.

Van die oud-klublede is dokters, tandartse, prokureurs, boere of sakelui wat ná hulle studentedae hulle eie vliegtuie gekoop het en dit nou vir hulle beroepe of bloot as ontspanning gebruik. In die tien jaar wat die klub bestaan, is meer as 9 000 uur sonder een ongeluk aan opleidingsvlugte bestee. Iets waaroor lankal gedroom is, is 'n eie klubhuis. Dié is pas gebou en word met die klub se tiende verjaardagviering in Oktober feestelik ingewy. □

Studente se eie perdryklub

Min mense het al 'n nag of twee saam met hul perde in die veld langs die kampvuur geslaap, te perd oor die wynplase rondom Stellenbosch gery of teen sononder in die seelug langs die branders gegalop.

Dié voorreg behoort aan die lede van die studenteperdryklub van die Universiteit se Fakulteit Landbouwetenskappe. Die klublede – heelwat is meisies – word streng gekeur en tot veertig beperk. Geskoolde afrigters en studente wat reeds as junior-afrigters gekwalifiseer het, rig klublede af.

Die klub het reeds 'n groot bydrae tot die bevordering van perdesport in Suid-Afrika gelewer deur aan studente die kans te gee om die ruiterkuns te beoefen. Jong ruiters moet dikwels dié belangstelling laat vaar weens die ryskole se hoë aansluitings- en ledegeld. By die US-klub word dit tot die minimum beperk.

Mnr. Koos du Toit van die Universiteit se Departement Veekunde – 'n groot perdeliefhebber wat sedert die klub se ontstaan met die bestuur help – sê die doel van die klub is om ryperde vir die opleiding van landboustudente in die ry en versorging van perde beskikbaar te stel, die ruiterkuns as 'n vorm van ontspanning te beoefen en om die perdrykuns in al sy vorms te bevorder.

Die klub organiseer elke jaar deur van die wynplase rondom Stellenbosch 'n plesierrit waaraan ruiters van die hele Wes-Kaapland deelneem. 'n Rit langs die see saam met die ruiters van die Militêre Akademie op Saldanha is ook reeds 'n jaarlikse instelling. Nog gewilde uitstappies is die ritte saam met die Ruiterpadvereniging wanneer in die veld oornag word.

Stellenbosch was die eerste Suid-Afrikaanse universiteit wat 'n perdryklub vir sy studente gestig het. Prof. Frans van der Merwe, voorheen hoof van die Departement Veekunde, en mnr. Du Toit het in 1975 besluit om die klub te stig. Die beoefening van perdesport by die landboufakulteite van oorsese universiteite was toe reeds lank aan die gang. Op Stellenbosch was die Universiteit se proefplase, Welgevallen en Mariendahl, beskikbaar – eersgenoemde binne loopafstand vanaf die koshuise. Die belangstelling onder die studente was groot, maar goed afgerigte ryperde was skaars. Die Departement Veekunde het toe reeds 'n paar jong deelsgeteelde Arabiermerries vir navorsingsdoeleindes aangekoop en onderhandelinge met die destydse Departement Landbou Tegniese Dienste vir die aankoop van 'n kernkudde Nooitgedachterperde was reeds aan die gang.



Mnr. Koos du Toit op die rug van die Arabiermerrie Okosongo Mingo Kripton.



Mej. Marie Malherbe by Orlando, een van die twee frieshingste wat mnr. Frikkie Smit en sy seun, dr. Ben Smit, van die Smitsvleistoetery by Piketberg onlangs aan die Universiteit geskenk het.

Intussen het mnr. Francis le Riche van Sentrachem Bpk. sy maatskappy se Lippizanerhings, Siglavy Savona, aan die Universiteit geskenk. Dié hings is as teelhings van die Spaanse ryskool in Wenen, Oostenryk, vir Sentrachem se Lippizaner-stoetery in Waterkloof, Natal, ingevoer.

Kort hierna ontvang die Departement Veekunde vier Nooitgedachtermerries en 'n -hings. Hierdie twee gebeurtenisse het die fondament vir die Universiteit se Nooitgedachterstoetery en die perdryklub gevorm.

Genoeg perde was nou beskikbaar om die landboustudente in ruiterkuns, perdeversorging en stoeterybestuur te onderrig.

Die volgende toekomsplanne is toe neergelê:

- Die Nooitgedachterperde sou tot 'n stoetery uitgebou word. Twee van die vier merries wat ontvang is, het kort ná hul aankoms gevul. Een van hierdie vulletjies, US Lodewyk, is vandag een van die stoethingste van die Nooitgedachterstoetery.

- Siglavy Savona sou as teelhings gebruik word vir die teel van 'n groter ryperd as die Nooitgedachters. Van hierdie nageslag – Siglavy Mercurio, Siglavy Emma, Siglavy Argent, Siglavy Morena, Siglavy Evita, Siglavy Verno en Siglavy Morella – is vandag die trots van die perdryklub.

- Die Departemente Veekunde en Mens- en Dierfisiologie sou alle beskikbare dragtige merries as navorsingsmateriaal by voedingnavorsingsprojekte en reproduksiestudies gebruik. Beskikbare jong vullens sou as proefmateriaal by voedingnavorsing gebruik word.



Mnr. N. C. Krone (regs), wynboer van Twee Jonge Gezellen, Tulbagh, het dié suiwer geteelde Arabierhings, Gezellen's Royal Duke, aan die Universiteit geskenk. Die pragdier – 'n agterkleinseun van die Arabierhings Raktha, wat in 1954 uit die wêreldbekende Crabbet Park-stoet in Engeland ingevoer is – word deur mnr. Koos du Toit vasgehou. Ook op die foto is proff. Hennie Louw, dekaan van Landbouwetenskappe, en Willem Vosloo, hoof, Departement Veekunde.

Prof. Van der Merwe, mnr. Du Toit en vier studente-komiteelede het tot 1981 die bestuur van die perde-aktiwiteite behartig. Nadat prof. Van der Merwe as hoofdirekteur van diereproduksie by die Departement Landbou en Visserye aangestel is, het prof. Hennie Louw, dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe en 'n ywerige perderuiter, hom as ere-president van die perdryklub opgevolg. Hy, mnr. Du Toit en 'n studentebestuurskomitee behartig nog die bestuur van die klub.

Nog waardevolle perde is onlangs aan die Universiteit geskenk. Mnr. N. C. Krone van Twee Jonge Gezellen het 'n pragtige Arabierhings, Gezellen's Royal Duke, geskenk. Mnr. Frikkie Smit en sy seun, dr. Ben Smit, van die Smitsvleistoetery by Piketberg, het twee jong Frieshingste geskenk. Dr. Smit is voorsitter van die Suid-Afrikaanse Friesperdtelersgenootskap.
Mnr. Du Toit beplan om die perdryklub uit te brei om lede ook in die dryfkuns te onderrig. Die Frieshingste sal vir dié doel gebruik word. □

30 beurse vir rekeningkunde

DIE Universiteit het mnr. K. W. Johnston, 'n Kaapstadse rekenmeester wat twee jaar gelede oorlede is, se naam gekoppel aan 'n dertigtal beurse van R800 elk wat jaarliks vir honneursstudente in die rekeningskunde by US beskikbaar is.

Mnr. Johnston, 'n vrygestel, was 91 jaar oud toe hy dood is. Die grootste deel van sy boedel van R4 miljoen is aan onderwys en liefdadigheid bemaak – onder meer aan die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad.

Hy was vroeër 'n bekende sakeman in die Moederstad. Die Universiteit van Stellenbosch verbind mnr. Johnston se naam aan die beurse omdat hy as geoktrooide rekenmeester lank 'n buitengewone bydrae tot hierdie beroep gelewer het.

Naas die beurse wat uit die opbrengs van mnr. Johnston se nalatenskap aan die Universiteit bekostig word, kry die Departement Rekeningkunde ook 'n bedrag vir rekeningkundige opleiding. □

Medalje

'n OUD-MATIE en afgetrede Engelsonderwyser, mnr. Benjamin Boshoff, wat voorverlede jaar oorlede is, se drie kinders skenk nou jaarliks 'n goue medalje vir die best derdejaarstudent in Engels aan US. Mnr. Boshoff was aan die hoër skole Franschhoek en Albertinia verbonde. Hy het gedurende 1924-1928 op Stellenbosch gestudeer.
Sy drie kinders wat die medalje skenk, is almal Oud-Maties. Hulle is prof. A. B. Boshoff van UP se nagraadse bestuurskool, mev. Ronelle Marais, ook van Pretoria, en mev. (ds.) Annette Gavera van Bellville. □

STUDENTE

Kaapland se slimste slimkop

Stellenbosch spog vanjaar met 'n veelsydige slimkop-meisie wat in 1982 se eindeksamen al die matrieks in Kaapland uitgestof het. Sy is Almarie van der Walt van die Hoërskool Andrew Rabie in Port Elizabeth – vanjaar 'n mediese student en inwoner van Heemstede.

Almarie, wat verlede jaar 'n gemiddeld van 98 persent in haar eksamens behaal het, is 'n meisie met vele belangstellings. Haar groot liefde is musiek – veral klassieke musiek. Wat haar toekoms betref, moes sy kies tussen 'n kursus in musiek of die mediese wêreld.

Sy is die dogter van dr. en mev. Alex van der Walt van Port Elizabeth. In die Van der Walt-familie is nie minder nie as drie mediese dokters en vier oud-Maties. Almarie se broer, Alex, is 'n oud-Dagbreker wat saam met sy pa 'n praktyk het. Sy vrou Celia – 'n oud-onderwyseres is ook 'n oud-Matie. Nog 'n suster, Sunette, was ook 'n inwoner van Heemstede en het 'n kursus in dieetkunde gevolg. Haar man, Lötter de Witt, is 'n oud-Matie en die derde dokter in die familie.

Slimkop Almarie met haar fiets voor Heemstede.

Die jongste suster, Liezel, is vanjaar 'n matriekleerling aan die Hoërskool Andrew Rabie en sy behaal ook 'n gemiddelde A-simbool in haar eksamens.

Almarie was nie net onderhoofmeisie van haar skool nie, maar het ook in die eerste hokkiespan gespeel, aan atletiek deelgeneem en was in st. 9 lid van die eerste tennisspan.

Musiek was een van haar matriekvakke en sy het die Graad VII-eksamen in klavier afgelê, asook die Graad V-eksamen in dwarsfluit. Sy was ook lid van die skoolorkes.

Almarie speel vanjaar nog muurbal en tennis, is lief vir draf en speel vir ontspanning klavier.

Dit wat studentwees so lekker maak – om dolverlief te wees – het dié slimkop ook getref. Die gelukkige man is 'n tweedejaarstudent in die ingenieurswese wat saam met Almarie in die kerkkoor sing. □

Chinese leer Afrikaans om Maties te word

Twee nagraadse studente van die Republiek van China het hul studies in die ingenieurswese op Stellenbosch begin – die eerste studente van daardie land wat Maties word. Boonop kon hulle voordat hulle op Stellenbosch aangeland het, reeds Afrikaans vloeiend praat en skryf.

Hulle is lt-kdr Tien-Fan Lu (32) van Keelung en lt-kdr Tien-Hsing Chou (34) van Taipei. Albei is verbonde aan die vloot van die Republiek van China.

In ooreenstemming met die Chinese gewoonte het albei reeds verlede jaar Afrikaanse voorname aangeneem om hul aankoms en verblyf in Suid-Afrika te vergemaklik. In die omgang is hulle bekend as Johan Chou en Leon Lu. Johan en Leon is inwoners van die manskoshuis Helshoogte.



Mnr. Strydom Bruwer (tweede van regs), primarius van Helshoogte, verwelkom vir Leon (Tien-Fan Lu) by die koshuis. By hulle is Johan (Tien-Hsing Chou) en mnr. Chris Aucamp, inwonende hoof van Helshoogte.

Dié twee nuwe Maties het hul onderrig in Afrikaans ontvang van mej. Elmarie van der Walt, 'n Oud-Matie wat aan die Suid-Afrikaanse ambassade in Taipei verbonde is.

Albei is getroud en Johan het 'n seuntjie, Tang Chou (6). Die verlange huis toe is nog groot. Sedert hul aankoms hier het hulle reeds verskeie kere huis toe gebel en hul vrouens sal ook later kom kuier.

Johan en Leon het hul B. Ing.-grade van die Chung Cheng-instituut in Taiwan ontvang. Johan het hom laat inskryf vir die magistergraad in elektroniese ingenieurswese en spesialiseer op die gebied van rekenaarstelsel. Leon studeer in die meganiese ingenieurswese met spesialisasie op die gebied van outomobielingenieurswese.

Dié twee studente se koms na Stellenbosch het gevolg nadat twee dosente van die Universiteit die Republiek van China verlede jaar besoek het. Prof. Christo Viljoen, dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, was aan die begin van verlede jaar twee maande lank 'n besoekende professor by die Nasionale Universiteit Chiao Tung in Sjinsjoe, terwyl mnr. André de Jager, senior lektor in elektroniese ingenieurswese, tydens drie maande studieverlof aan die telekommunikasielaboratorium in Tjoengli verbonde was. □

Studentetal hoogste nog

Die Universiteit se studentetal het vanjaar tot 12 237 gestyg – 395 meer as verlede jaar toe die studentetal 11 878 was. Die vorige rekordgetal van 12 072 studente was in 1981.

Die nagraadse studente by die Universiteit het van 26,3 persent verlede jaar tot 27,3 persent toegeneem. Daar is nou 874 honneursstudente (113 meer as verlede jaar) en 1 233 meestersgraadstudente (141 meer as in 1982). Die getal doktorsgraadstudente het met 34 tot 475 toegeneem – 54 van die vroulike geslag.

Nege van die twaalf fakulteite het 'n styging in getalle ondervind. Die grootste fakulteit, Lettere en Wysbegeerte, het 2 983 studente – 58 meer as verlede jaar. Handel en Administrasie het nou 2 231 studente teenoor verlede jaar se 2 045 studente. Ingenieurswese, die vyfde grootste fakulteit, het 1 255 studente – 101 meer as verlede jaar, en Geneeskunde 1 612 studente – 62 meer as verlede jaar. Ander fakulteite wat 'n styging in getalle getoon het, is Bosbou (154 studente teenoor verlede jaar se 138 studente), Krygskunde (206 teenoor 172), Tandheelkunde (347 teenoor 328), Regsgeleerdheid (207 teenoor 203) en Landbouwetenskappe (702 teenoor 686). In die fakulteite Teologie, Natuurwetenskappe en Opvoedkunde het die studentegetalle gedaal.

Kaapland het vanjaar 9 736 studente opgelewer, Transvaal is tweede met 1 294 studente en Suidwes-Afrika derde met 457 studente. Vanaf Natal kom 350 studente en 290 studente is Vrystaters. Ander studente kom onder andere vanaf Zimbabwe (27), Transkei (12), Ciskei (10), Bophuthatswana (4) en vanaf Gazankulu, Kwazulu, Venda, Botswana en Swaziland kom elk twee studente.

Die meeste studente (10 009) is Afrikaanssprekend, 1 493 studente is Engelssprekend, 294 is Afrikaans- en Engelssprekend, 316 is Duitssprekend en 73 se moedertaal is Nederlands. Ander studente se huistale is onder meer Vlaams, Frans, Grieks en Xhosa.

Soos vorige jare is die meisiestudente vanjaar weer in die minderheid teenoor die 7 865 mans.

Sowat 7 174 studente het vanjaar private verblyf, terwyl 4 828 in koshuise tuisgaan en 235 in universiteitshuise woon.

- Die dosente en studente het in 1982 aan meer as 2 500 navorsingsprojekte gewerk. Sowat R6,2 miljoen is vir navorsing beskikbaar gestel, waarvan sowat R1 miljoen in die vorm van nagraadse beurse toegeken is. Statutêre navorsingsliggame en ander instansies het ruim R5 miljoen vir navorsings beskikbaar gestel. Die Universiteit het sowat R260 000 uit eie fondse vir nagraadse beurse beskikbaar gestel. □

17 jaar se sendingwerk in Swaziland

In die wintervakansie het 'n groep Matie-Christene weer soos elke jaar sedert 1967 Swaziland deurkruis om evangeliesasiewerk te doen en die Woord te help uitdra. Met hul onlangse besoek het hulle ongeveer 6 000 Bybels en Bybel-dele onder die Swazi's versprei.

'n Swazi-kabinetslid het met een van die Maties se vorige besoeke gesê dié studente verrig meer as wat op amptelike vlak deur diplomate gedoen kan word, "want dit bring bevolking met bevolking in aanraking, en so word on-

verbreekbare bande tussen die mense van Swaziland en Suid-Afrika gesmee," vertel kweekskoolstudent mnr. Fanie Volschenk, wat reeds verskeie van die evangelisasietoere meegemaak het en vanjaar die leier was.

Meer as 30 000 Swazi's het in die afgelope wintervakansie met die Maties in aanraking gekom. Die groep bestaan elke keer uit ongeveer 65 studente. Hoewel die NG Kerk se Kerkjeug-aksie (KJA) die besoeke reël, is dit volgens mnr. Volschenk heeltemal interkerklik. "Ons verkondig Christus en nie 'n sekere kerk nie."

Om dié rede besoek hulle die sendingstasies en -skole van alle kerkgenootskappe in die land. En feitlik sonder uitsondering was hulle nog altyd oral welkom. "Die Swazi's is gasvrye mense, wat ons baie goedgesind is. Talle van hulle ken ons al en sien uit na ons jaarlikse besoeke," sê mnr. Volschenk. Volgens hom is die Maties die enigste studentegroep wat die land gereeld besoek.

Met hulle afgelope toer het die hoof van polisie hulle selfs gebel om te hoor of hulle hulp nodig het. Elke jaar besoek hulle ook die parlement, waar hulle vriendelik ontvang word.



Radio-en televisie-onderhoude oor die evangelisasie-aksie is die afgelope drie jaar uitgesaai.

Hulle reis almal saam van Stellenbosch af, maar verdeel daar in vyf groepe wat elk 'n ander deel van die land besoek. Hospitale en skole kom aan die beurt en selfs op straat word met die mense gesels. Christelike lektuur word kosteloos versprei (sowat 25 000 traktaatjies met elke vakansiebesoek). Bybels en Bybeldele word teen 'n baie verlaagde prys verkoop.

Vanjaar se toer het sowat R25 000 gekos. Die studente het dit self ingesamel, onder meer met kollektelyste, deur skyfievertonings te hou en donasies by gemeentes te vra.

Sedert 1976 het die Maties hulle al meer op evangeliesasiewerk toegelê, maar in die eerste tien jaar het hulle hoofsaaklik gehelp om kerke te bou. Menige kerk in Swaziland is vandag 'n monument vir honderde ywerige Matie-Christene se sending-geesdrif. □

U.S. BLINK UIT MET WES-DUITSE BEURSE

Volgens die jongste naamlys van die Alexander von Humboldt-stigting in Bonn, Wes-Duitsland, is Stellenbosch die Suid-Afrikaanse universiteit met die meeste dosente wat tot dusver beurse verwerf het van dié invloedryke organisasie, wat met die Amerikaanse Carnegie-korporasie vergelyk kan word.

Boonop is minstens 35 van die stigting se 105 Suid-Afrikaanse beurshouers, d.w.s. 'n derde, Oud-Maties – insluitende die twee oudstes, dr. S. Meiring Naudé, afgetrede president van die WNNR en 'n oud-dosent van US se departement fisika, asook US se Kanselier, prof. H. B. Thom.

Die Von Humboldt-beurse word wêreldwyd toegeken vir gevorderde navorsing in Wes-Duitsland – op alle terreine, van die natuur- en landbouwetenskappe, bosbou en ingenieurswese tot regsgeleerdheid, teologie, die Duitse taal, e.a. humanitêre wetenskappe.

Van die 69 Von Humboldt-stipendiate wat tans aan elf universiteite in Suider-Afrika verbonde is, is 16 (byna 'n kwart) by US. By RAU is 13 (vier van hulle Oud-Maties), by Unisa 12 (drie Oud-Maties) en by UP sewe. Naas universiteite het die WNNR die grootste getal, agt, waarvan twee Oud-Maties is.

Oud-Matie en voormalige US-dosent dr. Meiring Naudé, die oudste lid van die Alexander von Humboldt-stigting in Suid-Afrika.

Die stigting het teen 1860 in Duitsland ontstaan en is vernoem na Alexander von Humboldt, wat as wêreldreisiger, navorser en politikus naam gemaak het en saam met sy broer, die staatsman Heinrich von Humboldt, heelwat geld vir die stigting nagelaat het. In elke wêreldoorlog het die stigting al sy geld verloor. Ná die Tweede Wêreldoorlog is dit grootliks deur die Wes-Duitse regering op die been gebring en vanaf Berlyn in Bonn hervestig.

Dr. Naudé het in 1926 in Berlyn begin studeer en prof. Thom twee jaar later.

Die 16 Von Humboldt-stipendiate by US is drr. A. Blumer (Duits), D. Engelbrecht (soölogie), K. von Gadow (Bosbou), J. Olivier (teologie) en J. Roux (Bantoetale) en proff. R. Botha (algemene taalwetenskap), E. Brown (teologie), B. Burger (chemie), W. Claassen (Semitiese tale), I. Hälbich (geologie), F. Hahne (fisika), B. Lategan (Bybelkunde), C. van der Merwe, A. Rabie en A. van Wyk (regsgeleerdheid) en H. Vermaas (bosbou). Dr. J. Jurgens

(soölogie) het US in Julie verlaat om direkteur van seevissery in Suidwes te word. Hulle het o.m. in Heidelberg, Frankfurt, Keulen, Bonn, Hamburg, Berlyn, München, Tübingen en Kiel gestudeer.

- Dr. Heinrich Pfeiffer, sekretaris-generaal van die stigting, het Stellenbosch einde verlede jaar besoek. Met prof. Thom se inhuldiging as Kanselier vroeër vanjaar het dr. Pfeiffer 'n brief van gelukwensing aan prof. Thom gestuur waarin hy geskyf het: "Ek verheug my veral daaroor dat u nou hierdie hoogste pos aan dié gesiene universiteit in u land beklee. U word vir u taak op Stellenbosch alles wat goed en mooi is, toegewens." □

Top-vroueskut 'n Oud-Matie

Twee jaar nadat 'n Roodepoortse Oud-Matie, Wallie Louw, se man haar sonder haar medewete vir 'n basiese kursus in handwapenhantering ingeskryf het "omdat sy skrikkerig vir vuurwapens was," kon sy daarop aanspraak maak dat sy beslis een van die wêreld se beste vroueskuts geword het.

Haar man, Eldad, ook 'n Oud-Matie, is 'n knap skut en geesdriftige wapenversamelaar. In 1979 het hy haar oorgehaal om te leer skiet. Sy het dit dadelik geniet en gou agtergekom sy het "'n goeie oog" daarvoor.

Net die volgende jaar, 1980, het sy Transvaalse kleure verwerf. In 1981 het sy dié provinsie se vrouekampioen geword en tweede plek op die SA Spele behaal. Sy is genooi om in Mei daardie jaar in Columbia in die Amerikaanse staat Missouri aan een van die wêreld se voorste pistoolskietkompetisies, die Bianchi Cup International, deel te neem – waar sy die tweede plek ingepalm het. Sy het ook die Amerikaanse vrouetitel gewen.

Haar deelname in Amerika was nie sonder ernstige probleme nie. Omdat sy klein hande het, moes haar pistool se kolf spesiaal vir haar afgewerk word. Die Amerikaanse wapenverbod teen Suid-Afrika het haar egter laat vrees dat sy nie haar eie vuurwapen mag terugbring nie – gevolglik moes sy daar 'n pistool by een van die kampioenskuts leen en veranderings daaraan laat aanbring.

Boonop was sy nie gewoond aan fabrieksammunisie nie, want tuis laai sy haar eie patrone.

Mev. Louw is van afkoms 'n Duitssprekende Suidwester (Wallie is die afkorting van Waltraut. Haar nooiensvan was Putzier). Sy het liggaamlike opvoedkunde op Stellenbosch gestudeer en in 1970 haar nagraadse onderwysdiploma verwerf. Die Louws het mekaar op Stellenbosch ontmoet, waar hy onder meer 'n huiskomiteelid in Helderberg was. Hy werk nou vir 'n groot advertensiefirma in die Goudstad.

Hulle seuns, Reinhardt (9) en Eldad (6), word tussen vuurwapens groot en het van kleins af geleer om met ligte-kaliber wapens te skiet. Reinhardt het al 'n paar jaar gelede geleer om 'n haelgewer en 'n swaar kaliber pistool te hanteer. Veiligheid word natuurlik by hulle deeglik ingeskerp. □



Kampioenskut Wallie Louw saam met haar man, Eldad, en seuns Reinhardt (9) en Eldad (6).

'n Hegte verbintenis

Die Universiteit – en veral die Opvoedkunde-fakulteit – se lang, hegte verbintenis met die Suid-Afrikaanse onderwysersunie (SAOU) word vanjaar op 'n hoë noot voortgesit. Die voorsitter en ondervoorsitter (én die vorige voorsitter) van die Unie se hoofbestuur is nagraadse studente in die opvoedkunde by US. Boonop is die dekaan en twee professore van die fakulteit ook hoofbestuurslede.

Die SAOU-voorsitter, mnr. J. H. N. Smit, en die vorige voorsitter, mnr. G. W. D. Terblanche, is heeltydse M.Ed.-studente. Die ondervoorsitter, mnr. H. E. Franzen, is ook 'n M.Ed.-student, wat vir sy meestersgraad navorsing doen.

Die drie hoofbestuurslede wat aan die fakulteit verbonde is, is die dekaan, prof. W. L. Nell, en proff. C. G. de Vries en P. R. de Wet. □

Jong orkeslede

Van die jongste deelnemers aan die nasionale jeugorkeskursus van die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugorkesstigting wat onlangs by die Universiteit gehou is, was Kristoffer Gillete (links) van Michigan, Amerika, tans st. 6-leerling van die Hoërskool Theodor Herzl in Port Elizabeth, en Eugene Kierman, st. 5-leerling van die Laerskool Grey in Port Elizabeth. 'n Rekordgetal inskrywings is vanjaar vir die kursus ontvang. Behalwe bekende jong musikante wat vantevore in die Jeugorkes gespeel het, het 'n hele paar wat nou oorsee studeer spesiaal die kursus kom bywoon. Al die deelnemers het oudisies gedoen waarna hulle volgens standaard in een van drie orkeste – die Nasionale Jeugorkes, 'n reserwe jeugorkes en 'n junior orkes – ingedeel is.

Druiwe, wyn en eikehoutvate

'n Wêreldbekende wynkundige, prof. Vernon L. Singleton van die Universiteit van Kalifornië, was die tweede kwartaal as besoekende professor aan die Departement Wynkunde by die Universiteit verbonde.

Hy is skrywer of mede-skrywer van meer as 125 artikels in vaktydskrifte. Sy boek oor fenoliese verbindings in druiwe en wyn en hulle belangrikheid in wynbereiding is internasionaal bekend. Hy is die mede-skrywer van *Wine: An introduction for Americans,* wat die André Simon-prys vir letterkunde verower het en vir US se wynkundestudente voorgeskryf word.

By die Universiteit van Kalifornië is prof. Singleton reeds meer as 'n dekade verantwoordelik vir 'n baie besonderse nagraadse kursus oor sy spesialiteitsgebied, die fenoliese verbindings van druiwe, wyn en eikehoutvate.

Prof. Singleton is 'n voormalige voorsitter van die Amerikaanse Vereniging van Wynkundiges. Hy het wêreldwyd by die universiteite lesings en kursusse aangebied en het Suid-Afrika twee keer tevore besoek. □

Entebbe-beplanner

Genl.-maj. Shlomo Gazit (links onder), president van die Ben Gurion-universiteit van die Negev in Israel, oorhandig met sy besoek aan Stellenbosch teen die einde van verlede semester 'n medalje van sy universiteit as aandenking aan US se Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries. Genl. Gazit was van ná die Joom Kippoer-oorlog in 1973 tot in 1979 hoof van militêre inligting in die Israelse weermag. In 1976 was hy een van die sleutelfigure met die beplanning van die opspraakwekkende aanval waarin 'n groep Joodse gyselaars op die Entebbe-lughawe in Uganda bevry is.

Akademie kry nuwe bevelvoerder

Brig. S. W. J. Kotze – bevelvoerder van die Militêre Akademie.

Brig. S. W. J. Kotzé het vroeër vanjaar oorgeneem as bevelvoerder van die Militêre Akademie op Saldanha, waar US se Fakulteit van Krygskunde gesetel is. Dit is die kweekskool van offisiere vir die Weermag.

Hy het sy skoolloopbaan in 1955 op Bethlehem voltooi en het daarna 'n jaar vrywillige militêre opleiding by die destydse Leërgimnasium op Voortrekkerhoogte gedoen. In 1959 het hy die graad BA aan die Universiteit van Pretoria verwerf en tree dieselfde jaar as luitenant tot die Staandemag toe. Die volgende tien jaar het hy in verskeie poste in Bloemfontein en Potchefstroom gedien, 'n kursus in Engeland bygewoon en diens in die buiteland gedoen.

Daarna is sy loopbaan hoofsaaklik gekenmerk deur operasionele staf- en bevelsposte met die Angolese oorlog – bekend as Operasie Savannah – as hoogtepunt. As bevelvoerder van 72 Gemotoriseerde Brigade was hy in Maart 1976 verantwoordelik vir die finale onttrekking van Suid-Afrikaanse magte uit Angola asook die groot Oefening Kwilsilwer wat in 1978 gehou is.

Brig. Kotzé is in 1981 tot sy huidige rang bevorder en as Direkteur Bestuurdiens by die kantoor van die Weermag se Hoof van Staf Personeel aangestel. Hy is met mej. Marietjie van Zijl, 'n Oud-Matie, getroud en die egpaar het twee kinders. □

B. Ing.- honneursgraad afgeskaf

Die Universiteit het 'n nuwe bedeling vir nagraadse kursusse in die Fakulteit van Ingenieurswese goedgekeur. Dit tree volgende jaar in werking en kom daarop neer dat die huidige honneursgraad uitgefaseer sal word.

'n Los honneursgraad in die ingenieurswese is 'n Suid-Afrikaanse verskynsel. Die nuwe bedeling op Stellenbosch sluit dus aan by die wêreldwye neiging. Dit bevestig ook dat US se vierjarige B.Ing.-graadkursus op die internasionale honneurspeil is. Met die uitfasering van die eenjarige honneurskursus word die vyfjarige geïntegreerde honneurs-B.Ing.-kursus ook mettertyd uitgefaseer.

Ingenieurstudente wat nagraads verder studeer, skryf voortaan direk in vir die M.Ing.-graad. Die M-kursus sal minstens 'n jaar duur in plaas van die huidige minimum van twee akademiese jare. Dit beteken egter nie 'n kleiner omvang of laer gehalte M-studie nie, want die M.Ing.-student moet soos voorheen steeds minstens 2 400 uur aan die kursus bestee. Ongeveer twee derdes daarvan word aan kursuswerk bestee en die res aan die skryf van 'n verhandeling. Afhangende van die student se voorgraadse studie kan aanvullende studie vir die M-graad verwag word.

'n Student wat in Februarie vir M-studie inskryf, sal nie in Desember van dieselfde jaar reeds die graad kan verwerf nie.

Studente wat nagraads van studierigting verander, skryf in vir die eenjarige nagraadse diploma in ingenieurswese (NDI), byvoorbeeld in die geval van iemand wat voorgraads siviele ingenieurswese gestudeer het en nagraads in die bedryfsingenieurswese wil studeer. □

Biblioteek oor Marxisme

'N Bibliotekaresse is onlangs by die Universiteit van Stellenbosch se Instituut vir die Studie van Marxisme aangestel. Belangstellendes kan nou na gereelde uitstallings in die Instituut se biblioteek gaan kyk en alle dosente, studente en ander belangstellendes is welkom om van die materiaal in die biblioteek gebruik te maak.

Die biblioteek bevat 'n breë spektrum werke oor die Marxisme en die kommunisme en dit word van alle kante belig. Daar is meer as sewehonderd boeke – waaronder die volledige werke van Karl Marx, Frederich Engels en Lenin en publikasies wat handel oor ander Marxiste en groot figure in die kommunisme, en oor 'n verskeidenheid van temas in die Marxisme.

Die biblioteek beskik oor 176 mikrofilms oor onder meer belangrike hofsake oor terroriste- en aanverwante verhore in Suid-Afrika en teken op sowat vyftig verskillende tydskrifte en nuusbriewe in – soos die gereelde nuusbriewe van die Britse ambassade, Navorsingspublikasies van die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) en Radio Free Europe, asook tydskrifte van die African National Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Daar is ook 'n waardevolle fotostaatversameling van 5 000 tydskrifartikels oor die kommunisme, Marxisme en aanverwante onderwerpe soos die ANC en SWAPO, die ontwikkeling van die vakbondwese in Suid-Afrika, politieke onrus en opstande.

'n Bibliografie van alle bronnemateriaal wat in Suid-Afrika beskikbaar is oor kommunistiese en aanverwante bewegings in Suid-Afrika sedert 1900 is een van die navorsingsprojekte van die Instituut wat byna voltooi is en wat aan navorsers beskikbaar gestel sal word.

Mnr. Philip Nel, navorsingsbeampte by die Instituut, sê die Instituut – wat in 1980 met sy werksaamhede begin het – doen navorsing om betroubare inligting oor Marxisme aan almal in die land beskikbaar te stel en om navorsing oor die Marxisme te help stimuleer. Die biblioteek het 'n belangrike rol in die verwesenliking hiervan.

Die Instituut probeer oor tred hou met die nuutste teoretiese ontwikkelinge op die gebied van die Marxisme, en met die verskillende institusionele in Marxistiese state.

'n Langtermynprojek is ook aangepak deur te begin om die geskiedenis van die kommunistiese beweging in Suid-Afrika te skryf. Dié werk is in drie tydperke verdeel waarvan die eerste byna voltooi is: tot 1921; 1921-1950 en die periode sedertdien.

Ander navorsingsprojekte handel oor die ideologiese en institusionele veranderinge in Angola en Mosambiek sedert onafhanklikheidswording en die invloed hiervan op dié state se ekonomiese ontwikkeling. Navorsings word ook oor Sowjet-, Kubaanse en Oos-Europese betrokkenheid in Suidelike Afrika gedoen.

Die Instituut hou jaarliks 'n simposium. Aanstaande jaar word dit in die tweede helfte van die jaar gehou en die tema is: "Institusionele en ideolgoiese veranderinge in Angola en Mosambiek: 1974-1984." Referate wat by die simposia gelewer word, is beskikbaar in die vorm van geleentheidspublikasies.

Studies in Marxisme – die Instituut se tydskrif wat twee keer per jaar verskyn – is voorlopig gratis beskikbaar. Die Instituut lewe ook konsultasiedienste en onderneem kontraknavorsing.

Belangstellendes wat van die materiaal in die biblioteek wil gebruik maak, kan die bibliotekaresse, mev. Amy van Niekerk, soggens by tel. (02231)-71140 bylyn 2193 skakel. Mnr. Nel is by tel. 71140 bylyn 2192 beskikbaar. Navrae kan gerig word aan die Instituut vir die Studie van Marxisme, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600. □



Mev. Amy van Niekerk, bibliotekaresse by die Instituut vir die Studie van Marxisme, by een van die uitstallings wat onlangs in die Instituut se biblioteek gehou is.

BA-kursusse ook buitemuurs

Die Universiteit van Stellenbosch se buitemuurse afdeling in Bellville vier vanjaar sy 25ste bestaansjaar.

Dié afdeling is in 1958 deur die Fakulteit van Handel en Administrasie gestig om aan werkende studente die geleentheid te bied vir buitemuurse studie in die vakrigtings wat binne hierdie fakulteit aangebied word. Mettertyd is die getal kursusse uitgebrei, maar min mense besef dat hulle hier in 'n persoonlike en gerigte onderrigsituasie ook rigtings in die lettere en wysbegeerte kan volg om 'n BA-graad te verwerf.

'n Belangstellende kan as 'n spesiale student net enkele kursusse waarin hy 'n besondere belangstelling het, volg. Die huisvrou kan byvoorbeeld as verryking 'n kursus in geskiedenis of Bybelkunde volg. Indien 'n student enkele kursusse met sukses voltooi, is hy natuurlik 'n kandidaat om 'n graad te verwerf.

Mense ouer as 23 jaar hoef nie oor matriekvrystelling te beskik nie en studente wat goed vaar, kan hul graad in drie jaar pleks van vier jaar voltooi.

Belangstellendes wat graag by die Universiteit se buitemuurse afdeling wil studeer, kan in verbinding tree met die Registrateur (Akademies), of die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, of mnr. D. D. Nel by die kantoor van die Registrateur. □

Só het 'Oom Philip' sy koor onthou

Prof. Philip McLachlan het teen die einde van verlede jaar, slegs maande voor sy dood, 'n boek voltooi oor sy herinneringe aan die Universiteitskoor – waarvan hy 21 jaar dirigent was. Hier verskyn enkele uittreksels uit dié boek, *Slechte mensen zingen niet: Herinneringe van 'n koorleier.**

Dié vertellings word opgedra aan die Stellenbosse Universiteitskoor, een van die oudste en mees gewaardeerde koorverenigings in SuidAfrika en 'n instansie waarvan dit my beskore was om 21 jaar lank die dirigent te wees. Hierdie periode was ryk aan unieke ervaringe en lank nie net musikale ervaringe nie, want om in 'n standaardkoor goeie musiek goed voor te dra, verg saamsing en spanwerk van die hoogste gehalte: saamwerk, saam swaarkry, saam volhard, saam vasbyt ten einde saam te kan ry op die hoogste golwe van entoesiasme en artistieke belewing.

My eie liefde vir koorsang het reeds in my skooljare ontluik toe my vader, 'n skoolhoof, hom ernstig beywer het vir goeie skoolsang en ek die eerste lekkerte ervaar het van 'n mooi koorstuk in 'n goeie koor saam te sing, om van die geluk wat oor jou spoel as 'n gehoor dawerend applous gee, nie eens te praat nie.

Ek was dus op die regte plek toe ek my in 1936 as student aan die Universiteit van Stellenbosch geskaar het by 'n groepie studente wat hulle daarvoor beywer het om 'n eie universiteitskoor tot stand te bring. As stigterslid en lid van die eerste bestuur het ek op 'n dag saam met die ander bestuurslede in die destydse Hoër Jongenskool vergader om samesprekings te voer met mnr William Morris, dosent in musiek aan die Onderwyserskollege Denneoord, op wie ons keuse as eerste dirigent geval het.

Toe ek en my vrou in 1955 oorgeneem het, het ons getrou die voorbeeld van ons voorgangers gevolg en in November 1956 met veertig lede, gekies uit die groot koor, 'n toer na die Vrystaat onderneem.

Ons het toe die behoefte begin voel aan 'n eie koordrag en begin eksperimenteer met togas van allerlei kleure, van grys tot maroen. Prof Thom het van die saak gehoor en ek is ontbied: "Kyk, Philip, 'n koor op universiteitsvlak moet in die regte heraldiese kleure optree. En aangesien musiek onder die fakulteit van lettere en wysbegeerte ressorteer, beveel ek aan dat jul togas swart sal wees met 'n goudgeel omboorsel," het hy gesê. En dit was genoeg.

Die bekende Psalm 42 van Bourgeois was toe reeds deel van ons reportorium, hoewel ons dit nie gereeld gesing het nie. Op ons eerste 1964-konsert wat in Parow se Burgersentrum gehou is, was wyle prof W E G Louw as resensent van Die Burger in die gehoor. Daar was teen die einde van die konsert soveel versoeke om toegifte dat ons reportorium naderhand uitgeput was. En toe, ten einde raad, sê ek maar: "Ons psalms en gesange is mos ook deel van ons eie volksmusiek." W E G Louw het die grootste deel van sy resensie aan dié psalm teen die einde van die program gewy. Hy skryf onder meer:

"Voor ek my kom kry, het die trane in my oë gestaan. So het ek dit nog nooit tevore gehoor nie."

Louw vergelyk sy ervaring met Paulus wat in 1 Kor. 13:12 sê: "Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken." Dit voer die resensent dan terug na sy jeug toe hy in die dorre Karoo as kind leer sing het van: "'t Hijgend hert der jagt ontkomen . . ."

Hierdie resensie, wat die grootste deel van Die Burger se bladsy twee van destyds beslaan het, komende van 'n fynproewer soos net prof Louw was, was vir my 'n mylpaal in my koorloopbaan. Dit het my in so 'n mate bemoedig dat ek losgekom het van die verlammende twyfel of ons produk op die verhoog wel aan die beste artistieke standaarde voldoen. Ek was in die wolke omdat iemand soos Gladstone Louw geskryf het: "Dit was 'n onvergeetlike aand."

In 1966 het die Universiteit van Stellenbosch sy eeufees gevier; daarom is besluit dat die winterkonsertreis van die koor al vier provinsies moet insluit en was dit dus in ons tyd een van die langste toere per bus.

Toe ons ná die lang eeufeestoer tuis kom, het daar vir my 'n aangename verrassing gewag, naamlik dat die Kaapse Drie-Eeue-Stigting aan my 'n merietetoekenning doen op grond van

* *Tafelberg-Uitgewers, 1983*

die belangrikheid van die werk in verband met koormusiek onder die jeug.

En toe kom nog 'n aangename meevaller in Oktober. Die stad Johannesburg vier sy tagtigste verjaardag en as 'n deel van die feesviering word ons genooi om drie aande in die stadskouburg op te tree.

In 1967 het die koor deur die destydse Rhodesië getoer:

Dit was kort ná die eensydige onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië en die klimaat en gesindheid teenoor Suid-Afrika was dus baie gunstig. Ons was waarlik getref deur die welwillendheid van die Rhodesiërs teenoor ons so kort ná hul onafhanklikheidsverklaring. Almal wou maar te graag iets vir ons doen.

Die Salisbury-konsert in die pragtige Harry Margolis-saal was 'n "hoë" aand. Premier Ian Smith en sy sjarmante gade was in die gehoor en by 'n onthaal ná die uitvoering het die koor 'n ruiker aan mev Smith oorhandig en kon al die koorlede mnr Smith ontmoet en 'n bietjie gesels. Die joernaal som op:
"Mnr Smith moes in 'n tou staan om ons almal te groet . . ."

In 1970 toer die koor weer deur Suidwes om op uitnodiging van mnr Jannie de Wet, destydse kommissaris-generaal van Ovamboland, 'n uitvoering voor 'n swart gehoor in dié gebied te hou.

Die suksesvolle besoek aan Owambo het ons natuurlikerwys laat dink aan die moontlikheid om ook voor ander nieblanke gehore op te tree en die keuse het geval op Transkei en daarna Durban vir 'n konsert voor 'n Indiër-gehoor.

In Umtata is 'n uitvoering voor 'n Xhosa-gehoor in 'n kerksaal gehou:

Vise-premier George Matanzima was teenwoordig en het die koor in 'n baie mooi en gepaste toespraak welkom geheet. Hierna het die tradisionele welkomslied en -dans deur 'n vrou hom voor ons afgespeel.

Die tweede nommer op ons program was die *Sicut cervus* van Palestrina wat met 'n indrukwekkende diminuendo afsluit. Die sagte einde is egter heeltemal verswelg deur 'n sagte "oe-oe" en handegeklap wat van agter uit die saal aangegroei het tot 'n oorweldigende applous. Ek was verras en geroer deur die feit dat hierdie mense Palistrina so mooi kon vind.

Ná ons 1970-uitvoering in Pretoria skryf Hennie Joubert in Hoofstad: "Die Stellenbosse Universiteitskoor is sonder enige twyfel nou Suid-Afrika se grootste musikale uitvoerproduk." Die opskrif van die koerant het gelees: "Stuur Stellenbosse Universiteitskoor na die buiteland"

Prof. McLachlan

So 'n berig het ons almal se harte laat flikker van hoop, maar ons sou nog drie jaar moes wag. Dit was altyd my vaste oortuiging dat ek nie op eie krag die koor in Europa sou gaan aanbied nie. Die beste sou wees om te wag vir 'n geleentheid of 'n uitnodiging wat so 'n stap sou regverdig.

En die uitnodiging het gelukkig in 1972 gekom toe die mannekoor van die Universiteit van Coimbra in Portugal (een van die heel oudste universiteite in Europa), Die Orfeon Academico de Coimbra, besluit het om hul eeufees te vier in die vorm van 'n internasionale universiteitskoorfees.

Op uitnodiging van die Keulse Mannekoor, wat Stellenbosch kort tevore besoek het, is Wes-Duitsland ook besoek vir 'n uitvoering in Keulen. Ook België is besoek.

Seker die oorweldigende indruk van ons verblyf in Keulen was die Duitse *Gemütlichkeit*, nie net in die stad nie, maar ook by die gashere, lede van die mannekoor by wie die koorlede oorgebly het. Om die een of ander rede is feitlik al die tokkelokke geplaas by die hotel, die *Weinhause*, van Herr Albert Bach.

Ons het in die Wolkenburg-saal, wat volgepak was, 'n bruisende uitvoering gelewer en toe Herr Bach en sy gaste ná die konsert tuis kom, was die gasheer in so 'n gemoedelike luim dat dit nie hoër of laer kon nie; sy gaste moes hom na sy kelder vergesel. Dit was ná die feestelike onderonsie dat een van die sedigste tokkelokke hierdie veelseggende kommentaar gelewer het: "Ai, nog nooit in my lewe was ek so ver van die kweekskool af nie."

Die koorfees in Portugal het oor drie weke gestrek en was 'n heerlikheid. Dit was geen kompetisie nie, net die fees om vir mekaar en met mekaar te sing. Die fees is 'n week lank in elk van die drie sentrums gehou: Oporto, Coimbra en Lissabon. In die drie weke kon die koorlede uit verskillende wêreldele mekaar leer ken en party harte het selfs 'n bietjie verbrokkel. Ons het veral goed klaargekom met 'n uitstekende mannekoor uit Japan. Op die laaste dag van ons saamwees in Lissabon het hulle kom vra of die twee kore dan nie saam "Salie Maleis" kan sing nie. Hulle sing dit op 'n Japanese teks en toe ek vra waaroor dit handel, sê hulle: "Van 'n geliefde wat weg is na die oorlog en verlang na sy meisie tuis." So trek 'n volkslied.

Die mooiste koorsang wat ek egter nog gehoor het, was van die Filippynse koor: net sestien stemme, bestaande uit vier kwartette van professionele stemme so noukeurig gekeur dat twee sopraansolostemme mekaar afwissel sonder dat mens daarvan bewus word. Hierdie koor het met talle konsertreise soveel roem vir die Filippyne ingeoes dat die Filippynse regering aan elk van die sestien 'n spesiale paspoort as kulturele ambassadeur uitgereik het.

Nadat ons terug was in Suid-Afrika, het ek probeer om 'n besoek van dié koor aan Suid-Afrika te bewerkstellig, maar op langelaas het die Filippynse regering

glo gemeen dat Suid-Afrika nie so 'n kulturele besoek regverdig nie.

Die leier van die Brasiliaanse koor het op 'n keer na my gekom en die eerste reël van ons Psalm 42 geneurie, en ek het my kop geknik om te beduie ek verstaan. Toe slaan hy sy twee hande saam in 'n biddende houding en sê: "Maestro, beautiful". Ek was behoorlik aangedaan deur die feit dat die eenvoud en egtheid van hierdie psalm so tot die hart van hierdie vreemdeling en Rooms-Katoliek kon spreek, en het gedink: "Ag, as meer van my eie mense maar die skoonheid en waarde van ons gereformeerde liedereskat so sal begryp en aanvoel."

Prof McLachlan se laaste binnelandse toere met die koor was in 1974 – toe hulle vanweë die vorige jaar se geslaagde besoek deur Europa onder meer deur die Natalse Raad vir die Uitvoerende Kunste genooi is om in Natal op te tree – en die winter van 1975, toe Noord-Kaapland, die Vrystaat en Transvaal aan die beurt gekom het.

Teen die einde van daardie jaar, toe hy reeds 20 jaar met die koor deurgebring het en aan uittree begin dink het, het die International Society for Music Education die koor genooi om in 1976 by die vereniging se internasionale kongres in Montreux, Switserland, as een van die uitvoerende groepe op te tree.

En toe besluit ek maar om die 21 jaar vol te maak en liewer die moontlikheid van 'n tweede Europese toer met die rektor te gaan bespreek. Sy aanmoediging en hulp in dié verband was werklik 'n riem onder die hart.

Die Departement van Nasionale Opvoeding het ons gelukkig weer finansieel gesteun en op Vrydag, 18 Junie 1976, het ons van die D F Malan-lughawe vertrek. Ons bly die naweek oor in Pretoria en hou die Maandagaand 'n regte afskeidskonsert in die gehoorsaal van Unisa.

Die koor het eers Frankryk besoek, waar die resensent van 'n koerant, die Voix du Nord, ná 'n uitvoering in die stad Lille (Flaams: Ryssel) geskryf het:

"Ek kan eerlik sê dat die koor van die Universiteit van Stellenbosch met sy sestig sangers 'n konsert van so 'n uitmuntende kwaliteit gelewer het, dat ek dit eerste kan plaas onder die baie wat ek die afgelope dertig jaar as resensent bygewoon het: hulle gedissiplineerde styl het vir ons baie van die glorie van die sestiende eeu, die goue era van koorsang, oorgedra.

Ten spyte van 'n kwaai hittegolf en heelwat probleme met anti-Suid-Afrikaanse gevoel in Europa (deels omdat dit kort ná die Soweto-onluste van destyds was) het die koor ook besoek gebring aan Brittanje, België en Wes-Duitsland voordat hulle vir die kongres Switserland toe is.

Ons beurt was die volgende oggend, 16 Julie 1976, om halftwaalf met net 'n kort halfuurtjie tot ons beskikking. Om 11h25 stap ons op die verhoog. Byna sestig bleek, strakstarende gesigte, rittelende knieë, lang slukke. Psalm 42 kry 'n betekenis en 'n kwaliteit soos nooit tevore nie. Onverwags begin die mense binnestroom. Voller en voller raak die reuse-saal. Die krioelende, rondlopende gehoor sit nou doodstil en luister. Die spanning maak plek vir totale oorgawe. Die laaste Kleurlingliedjie hang nog in die lug, toe bars die applous los.

Toe ek na die tyd afstap, was die eerste persoon wat my kom gelukwens niemand minder as Warner Imig nie, president van die American Choral Directors' Association. Ek is oorval deur dirigente wat wou weet of hulle nie kopieë van ons musiek kon kry nie. So het die Maleierlied "Nuwejaar" in Nieu-Seeland beland en ek het later 'n bandjie ontvang waarop 'n Nieu-Seelandse koor die lied voortreflik uitvoer.

Van die "onvergeetlike aande" wat prof McLachlan in sy boek in herinnering roep, is die volgende:

Dit is 'n gewone kooroefeningaand en iemand bring 'n Amerikaner, mnr Waldo Stephens, na die oefening om die koor te hoor. 'n Waardige oubaas – oliemagnaat en hartstoglike liefhebber van koorsang. Teen die einde van die oefening word ons versoek om twee nommers vir hom te sing. In die haas besluit ek op Psalm 42 en "Kinders moenie in die water mors nie". Toe ons klaar was, staan die oubaas op en praat mooi met die jong mense oor die karakterbouende waarde van iets soos koorsang, en voeg toe by:

"Ek het na Suid-Afrika gekom om iets meer van die land en sy mense te leer, maar omdat ek nie Afrikaans verstaan nie, het 'n stuk van die geheel vir my geslote gebly. Maar julle het vanaand met hierdie twee liedere vir my die gordyn 'n entjie oopgeskuif: I think I now understand something of the *faith* and the *mirth* of your forebears."

Dit is 29 Junie 1970. Ons sing vannaand in Johannesburg se stadskouburg en ek is redelik gespanne. Om vyfuur die middag lui die telefoon om te sê dat ons eerste kleinkind, 'n seuntjie, gebore is – 'n gesonde knapie, maar sonder 'n linkerhandjie. Die hele toer was die koorlede daarvan bewus dat ons op die groot nuus wag. En elke aand by die saal was die eerste vraag maar altyd: "Het oomhulle nog nie nuus nie?" Toe ons die aand in Johannesburg klaar opgewarm het, het ek ons nuus aan die span meegedeel. Daar was 'n voelbare stilte en ek en my vrou het geweet van jong harte wat ons met begrypende liefde omsluit. Op die verhoog het hulle getrag om die begrypende meelewing in hul sang uit te stort.

Tydens pouse kom 'n oud-koorlid wat pas uit die koor was na my: "Oom Philip, wat het gebeur?"
"Nee, ek weet nie, Dries."
"Maar oom, daar is iets in die koor se sang wat anders is vanaand en wat my in my binneste roer."
En toe het ek vir Dries ook vertel van Letteli se seuntjie.

Philip McLachlan se 21 jaar as Universiteitskoor-dirigent is in Desember 1976 met 'n driedaagse reünie, bygewoon deur 250 oud-koorlede, afgesluit.

Die reünie was drie dae vol geprop van hoë gemoedsaandoening: vreugdevolle herinneringe maar ook die onverbiddelikheid van 'n einde. Die afsluitingskonsert het in die D F Malan-sentrum plaasgevind. Die Universiteitskoor van 1976 het die eerste helfte van die program waargeneem en die massakoor (ruim 300 stemme) die tweede helfte. Aan hierdie deel van die program het oud-dirigente William Morris en Gawie Cillié deelgeneem en musiek van hul eie keuse laat sing.

Geen ander byeenkoms met toesprake en dies meer sou my meer vreugde gegee het as hierdie vir-oulaas-almalsaamwees en *saamsing* nie.

Die boek word ten bate van die Universiteitskoor verkoop en kan ook bestel word van Die Koorbestuurder, Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch, 7600. Koste: R9 (AVB ingesluit); moet die bestelling vergesel. □

Jong wetenskaplikes

Altesame 56 slimkoppe uit Wes- en Noordwes-Kaapland het in die wintervakansie 'n saamtrek vir jeugwetenskaplikes by die Universiteit bygewoon. Hulle is naaswenners in die 19de SA Nasionale Wetenskapolimpiade wat deur die Stigting vir Wetenskap, Onderwys en Tegnologie gereël word. Die honderd landwye wenners het in dié tyd 'n nasionale jeugwetenskapweek in Johannesburg bygewoon.

Die 56 hoërskoolleerlinge het elkeen op Stellenbosch aan vyf wetenskapprojekte deelgeneem. Dit is aangebied deur negentien departemente van die Universiteit se fakulteite Natuurwetenskappe, Landbouwetenskappe, Bosbou en Ingenieurswese, asook die Departement Sielkunde.

Die saamtrek vir jeugwetenskaplikes word jaarliks in die wintervakansie op Stellenbosch gehou.

Prof. Willem Naudé van die Departement Fisika by US saam met drie van die leerlinge wat die saamtrek vir jeugwetenskaplikes op Stellenbosch bygewoon het. Hulle is Jacoba Wessels van die Hoërskool Stellenbosch, Roy Carstens van die Senior Sekondêre Skool Cloetesville en Francois Kellerman van die Hoërskool Durbanville.

1926-trofee vir droommyl-wenner

'N Oud-Ikey met 'n groot bewondering vir Matie-atletiek, 82-jarige mnr. Jan Loopuyt van Somerset-Wes, het 'n silwerbeker wat hy 57 jaar gelede met 'n atletiek-intervarsity tussen die twee universiteite op Stellenbosch gewen het aan die Maties se atletiekklub geskenk. Dit sal voortaan as wisseltrofee toegeken word aan die Matie- of Ikey-atleet wat op die jaarlikse droommyl-byeenkoms op Coetzenburg die mylwedloop wen.

Mnr. Loopuyt het die beker op 24 Oktober 1926 op Stellenbosch losgeslaan toe hy die myl in die destyds skitterende tyd van vier minute 44 sekondes gewen het. 'n Matie, J. Grové, was tweede.

Met sy aftrede was mnr. Loopuyt hoofingenieur van hoofpaaie in Kaapland. Hy sê hy het die nuwe snelweg wat deur die Tuinroete gebou word – en wat twee hoogspanbrûe sal hê – aanvanklik uitgemeet en aanbeveel. □

Mnr. Loopuyt oorhandig die silwertrofee wat hy in 1926 gewen het aan die Maties se atletiekafrigter, mnr. Wium Mostert.

SPORT

Atletiekklub betrek Boland Bank-lokaal

Die Universiteit se atletiekklub het sy nuwe kantore en ontspanningsgeriewe betrek. Dit staan bekend as die Boland Bank-lokaal en is onder die Coetzenburg-stadion ingerig – waar die Sportkantoor vroeër jare was.

Boland Bank het R40 000 geskenk om die klub se nuwe kantoor- en ontspanningsentrum moontlik te maak. Dit bestaan uit 'n ontspanningslokaal vir die atlete asook 'n kleiner onthaalkamer op die onderste vlak en kantore op die boonste verdieping.

Volgens die klub se sekretaris, mnr. Nelis Swart, was daar lankal 'n behoefte aan hierdie moderne geriewe. Hy sê die onstpannings- en onthaalgeriewe is nie net handig vir die klub se eie atlete nie, maar word ook dikwels benodig tydens al die groot byeenkomste wat deesdae dikwels op Coetzenburg gehou word.

Die atletiekklub is die afgelope aantal jare in 'n tydelike geboutjie agter die stadion gehuisves.

Van die begin van die jaar af is die bekende Matie-atleet en Springbok Joepie Loots 'n heeltydse personeellid van die klub. Hy is die Suid-Afrikaanse tienkamp-rekordhouer. □

Die Atletiekklub se vier heeltydse personneellede. Van links af: Nelis Swart (sekretaris), Juliana Swart (sekretaresse), Wium (Mossie) Mostert (hoofafrigter) en Joepie Loots (hulpafrigter).

Nuutste Springbok

Die hekkies-atleet Bermien Conradie, wat vroeër vanjaar die nuutste atletiek-Springbok uit Matie-geledere geword het. Sy spog met 'n beste tyd van 57,52 in die 400 m hekkies en is onder meer ook die houer van die WP se huishoudelike rekord in die 400 m hekkies. Dié 21-jarige oud-leerling van die Hoërskool Durbanville studeer vir die graad LL.B.

Hokkieklub se ideaal verwesenlik

'N Grasgroen, goedversorgde hokkiebaan, 'n Stellenbosse vrouespan met hul maroen en goue kleure, die effense pienk van die Bolandse laat sonsondergang – en die langverwagte spreiligte wat dié gesig 'n werklikheid maak.

Vir die US-Hokkieklub was dié geleentheid vroeër vanjaar 'n mylpaal. Ná jare van wag en harde werk is 'n ideaal verwesenlik.

Vir dr. Beatrice Wiid, dosent in liggaamlike opvoedkunde en groot baanbreker vir dié sportsoort, was dit feitlik 'n lewensideaal. Sy sê daar is in die vyftigerjare al oor spreiligte vir die hokkieklub gepraat – in die dae toe daar nog op die gruisbane by Sonop gespeel is. Daar is toe al besef dat goeie geriewe vir die klub nodig is om die groot potensiaal aan goeie spelers te benut.

Dr. Beatrice Wiid, ere-presidente van die Hokkieklub, het die spreiligte amptelik aangeskakel. Sy is hier by Oud-Matie-spelers Margie Middleton, Melanie Muller, Arlene Wiley, Rennie Rose-Innes en Lynn Slogrove.

Dr. Wiid, ere-presidente van die klub, het die spreiligte amptelik aangeskakel. Sy het hulde gebring aan hokkie as sportsoort en aan mense soos mej. Jackie Wiese (sportorganiseerder), mej. Margaret Lightbody (die huidige afrigster) en US se sportsekretaris, mnr. Piet Retief. Nou kan daar na hoër hoogtes gestreef word – soos 'n permanente baanoppervlakte, videokameras en ander geriewe – om Stellenbosch die ware mekka van hokkie te maak, het dr. Wiid gesê.

Dat die Universiteit 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse hokkietoneel lewer, is dié aand weer bewys. Twee vertoonwedstryde is deur 22 Oud-Maties gespeel en van die elf A-span-spelers het agt reeds hul Springbok-kleure verwerf. □

Die Oud-Matie-uitnodigingspan wat die Maties in 'n vertoonwedstryd met die ingebruikneming van die spreiligte met 2-0 geklop het. Agt van die elf het Springbok-kleure verwerf. Voor is Lynette Vermaak (wat in 1982 Springbok geword het), Marion Commins (SA, 1982), Margie Middleton (WP 1982), Elvira Ryan (gebore De Villiers – SA 1982) en Mariette Fullard (Cronjé – SA 1972). Agter: Judy Clarke (SAU – kapteine 1972), Rennie Rose-Innes (Basson – SA 1978), Debbie Jordaan (Cromhout – SA 1982), Arlene Wiley (Coates), wat verlede jaar die Springbok-kapteine was, Melanie Muller, onder-kapteine van verlede jaar se Springbokspan, en Lynn Slogrove (SA "B" 1982).

Volkskas het 'n voorspoeddiens vir elkeen van jou pa-en-ma-en-kleindingdae.

'n Nuwe kleinding. Groot dae. En groot bekommernisse. Gelukkig is die Volkskas-bestuurder daar. Met 'n spaarrekening vir die hy-moet-vroeg-leer-spaar-dae. Versekering vir die sê-nou-iets-gebeur-met-my-dae. Finansiering vir die ons-het-'n-tuimeldroër-nodig-skat-dae. Oortrekkings vir die sal-hy-regkom-dokter-dae. Kredietkaarte vir die hy't-al-weer-uit-sy-kleurbaadjie-uitgegroei-dae. Toekomshulp vir die sorg-net-dat-jy-jou-graad-kry-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al julle dae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.

de Villiers en Kie. 78170/1

Die Room
van die Oes is in
Rembrandt
van Rijn
Onmiskenbaar is die smaak van
Rembrandt van Rijn. Dis alles tabak, suiwer
tabak, die room van die oes – kundig vermeng
tot volmaakte geur en smaak. Uitmuntende
kwaliteit, sorg en vakmanskap maak
Rembrandt van Rijn
die meesterstuk in sigarette.
Rembrandt VAN RIJN
ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK
VRF 285A

ABC PRESS